Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe
Kompas

Jaargang 21 no 4
April 2012

- Dood-stil 2
- 'n Nuwe Bybelvertaling 3 ... 4
- Geskiedskrywing in die boek Josua 6
- Die Nuwe Verbond 10
- Alkoholmisbruik 12
- Geen nuwe leer nie 13
- 'n Lewende Hoop 16
- 'n Uitnemende doel 18
- David Atternborough 20
- Postbelydeniskamp 22
- van Pasga tot Nagmaal ... 24
- Boekenuus 26
- Ons het Christus gekruisig! 27

Ad hoc-SINODE 2012

Tydens die Sinode van 2011 is vrae gevra oor die volhoubaarheid van die kerklike werk van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hierdie vrae is veral gevra op die gebied van sending, opleiding van predikante en die ondersteuning van hulpbehoewende kerke. Die Sinode kon hierdie vrae nie beantwoord sonder dat daar 'n goeie studie gemaak is oor die volhoubaarheid van hulpbronne van die kerkverband nie. Dit geld veral vir die kerke wat vanuit die sending gestig is. Daarmee saam is gevra of die koste en effektiwiteit van die deputaatskappe optimaal is. Is daar nie 'n vorm van rasionalisasie nodig nie? Hierdie vrae is nie maklik nie, omdat dit gaan om ons as rentmeesters van God as die groot Opdraggewer en om alles wat Hy ons gee. Hy is dus die Een wat ons die opdrag gee om o.a. sendingwerk te doen en wat aan ons die hulpbronne gee om dit te doen. Hy vra dus nou van ons om die maksimum van ons eie hulpbronne aan die kerkwerk te gee (want ons is die rentmeesters en terselfdertyd hou Hy ons aan sy Woord waarop ons ja geantwoord het). Voorwaar 'n groot opdrag aan ons as mense wat sondig is tot in ons wese. Ons hou van wat ons as ons s'n bestempel en om dan hierdie hulpbronne aan kerke te gee wat baie hulpbehoewend is in vergelyking met die blanke kerke, is 'n moeilike opdrag van die Here.

'n Indaba is gehou om hierdie probleem onder oë te sien. Verskillende standpunte is geopper. Die besprekings het in goeie orde plaasgevind. Enkele gedagtes wat nou aan die Sinode voorgelê gaan word, is:

- Ons moet bereid wees om op te offer vir die saak van die Here. (Dink aan met hoe min prof Calvyn klaargekom het om die Evangelie te verkondig en aan die apostel Paulus).
- Kan dit geregverdig word om 'n kerk te stig wanneer die kerk waarskynlik nie selfonderhoudend kan wees nie? (Kerke moet nie op grond van finansiële haalbaarheid nie gestig word nie).
- Daar is te veel verskille tussen die traktemente van predikante. (Traktemente word tog op grond van gesins- en ander behoeftes bepaal – dit is nie 'n salaris nie – wat vir almal gelyk is op grond van gelyke werk).
- Die doeltreffendheid en doelmatigheid van die deputaatskappe gaan ook onder oë gesien word. (Dit is 'n moeilike saak wat vir die Sinode moeilike oorwegings insluit).

So gaan daar baie sake vir die Sinode op 14 April wees om na te kyk. Mag ons almal vir die Sinode bid en aan hulle sterkte toebid. Mag die prioriteite van die Here ons uit sy Woord lei.

Prof Hans Boon

DOOD-stil

maar nie vir lank nie...

Uit die Bybel

Jesaja 53:5-9a
En hulle het Hom (die Kneg) sy graf by die goddelose gegee...
En Hy (die Kneg) het sy mond nie oopgemaak nie...
En as Hy (die Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel...

Hoe staan ons teenoor onreg? Hoe swaar lê die las by ons om die onreg reg te maak? Of is onreg net 'n fantastiese storie wat ons weer aan ander kan deurvertel?

Vandag se Skrifgedeelte skreeu om reg. Dit vra dat ons eindelik sal opstaan en erken Wie die Regverdige is.

En ons het ons mond nie oopgemaak nie
Ons teks onderskei die twee groepe duidelik: Hy en ons. Al die kinders van God saam aan die een kant, en Hy as Kneg van die HERE aan die ander kant. En deurentyd word dit duidelik: Ons het iets gedoen, en Hy dra die gevolge. Ons oortredinge – Hy word deurboor. Ons ongeregtighede – Hy word verbrysel. Ons het gedwaal soos skape – maar die straf kom op Hom. Wat ook al gebeur, die laste daarvan het Hy gedra. Oor en oor het dit duidelik geword: Hy dra iets waaraan Hy geen skuld gehad het nie. Selfs al gedra Hy Hom voorbeeldig, onderwerp Hy Homself volledig aan alle gesag en mag, word Hy mishandel. Hoe kan so iets ooit gebeur? Hoe is dit moontlik dat so iets toegelaat word? Die ampsdraers het tog sekerlik ingegryp? Die gemeente het tog sekerlik heftig protes aangeteken, hulle volle reg gebruik om beswaar aan te teken, tot op sinode-vlak? Almal het tog sekerlik soos een man agter hierdie Lydende Kneg gaan staan, dit uitgeskreeu dat die God van reg tog sal ingryp?
Ja, so iets sal tog nie onder ons gebeur nie?
En tog bly dit: Hy en ons. En sy einde is dan ook die duidelikste bewys van ons houding teenoor Hom: saam gaan soek ons vir Hom 'n graf by die goddelose (vers 9a). Die HERE Self lei dit uiteindelik anders (vers 9b), maar ons het vir Hom 'n graf op die rommelhoop gaan soek. Tot sy dood toe bly almal doodstil. Selfs as Hy sterf vanweë ons skuld, vanweë ons plaag, vanweë ons verbryseling, word daar nog nie gesoek na 'n eerherstel in sy begrafnis nie. Niemand wat selfs by die begrafnisrede hulle mond oopmaak nie.
Dood-stil.
Uiteindelik, weg is die probleem. Weg die ongemaklikheid. Die vrede het teruggekeer...

En die Vader het sy mond nie oopgemaak nie
Hoe is dit moontlik dat dit in die kerk so kan gaan? Maar gelukkig, God sal dit tog sekerlik nie toelaat nie! As iemand anders iets moet deurmaak, dan is daar altyd nog 'n deel van eie skuld betrokke. Maar hier is die Lam wat na die slagplek gelei word, die Reine, die Opregte, die volkome volmaakte Lam. Sekerlik sal God dit bulder vanuit die hemel? Dit is tog die een keer waarop die Regverdige Regter die hamer kan laat val: Volledig onskuldig, in alle betrokke sake?
Dit is immers dieselfde God wat die Lydende Kneg (*sy* Kneg!) se bediening begin het deur dit vanuit sy troon uit te roep met oorweldigende emosie: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Dit is die Seun in wie Ek so oneindig veel vreugde vind. Sal hierdie Vader ooit kan stilbly daar rondom die kruis? Sal ons nie die weerligstrale sien skiet met die onreg wat sy Kneg aangedoen word nie?
En tog: Dood-stil. Tot aan die dood.
Geen hemelse lig wat sy Kneg skielik in die reg stel nie.
Onnatuurlik donker.
Selfs by die een uitroep tot die Regverdige: "My God, waarom het U my verlaat?" bly dit stil. Die Vader het sy mond nie oopgemaak nie.
En daarmee hoor ons hoe die Vader dit uitbasuin: Dit is goed so. Die Lydende Kneg, *my* Kneg, Hy dra wat Hy moet dra. Hy doen die werk van die Regverdige. Die Vader se stilswye is die hardste uitroep wat ons nog ooit op aarde gehoor het. Selfs dowes moet dit kan hoor...
Sy geliefde Seun, in wie Hy al sy vreugde vind, word verag, so totaal verbrysel dat 'n mens nie meer na Hom kan kyk nie. En die Vader bly stil... *Vir wie sou die Vader so lief kon wees dat Hy hier stilgebly het?*

En die Kneg het sy mond nie oopgemaak nie

Maar wie kan so iets dra? Wie kan so onophoudelik dra aan die straf van ander, sonder dat iemand vir sy reg opstaan? Wie kan so alleen staan? Wie kan tot in die dood toe net onreg dra, die een las na die ander, sonder om self enige skuld hierin te hê?

"En Hy het sy mond nie oopgemaak nie".

"*En Hy het sy mond nie oopgemaak nie*". Tot twee keer lees ons hierdie woorde in ons teksgedeelte. Dit alles dra, en nie een keer vir jouself opkom nie. Nie een keer op jou regte staan nie. Nie een keer Homself 'n keer goed laat geld om 'n ding of twee vir hierdie mense duidelik te maak nie. Niemand afwys nie, ook al verstaan hulle niks van wat hier besig is om voor hulle oë af te speel nie. Van hulle wat geterg het, tot hulle wat gedink het Hy verdien dit alles, tot hulle wat maar eerder stilgebly het: hulle almal se ongeregtigheid het Hy met oorgawe gedra. En ons hoor geen aantygings nie.

Die Seun van God, wat Self die Almagtige is, wat beskikking het oor 'n ontelbare leërskaar engele, wat beklee is met 'n heerlikheid wat geen mens kan deurgrond nie, ontvang al die soorte drek en ellende wat op hierdie wêreld gevind kan word. Verag, gespot, deurboor, verbrysel – tot in die dood. Vir mense wat nie eens belanggestel het in wat Hy vir hulle doen nie. Vir 'n kerk wat vandag nog so min belangstel in wat Hy vir hulle gedoen het. Vir 'n kerk wat vandag nog so gou met die minste tevrede is, wat so min soekende is na die volle heerlikheid van God se verlossing: Studie, oordenking, lofprysing.

Die heerlike Seun van God dra oneindige lyding vir só 'n volk. En Hy swyg.

Geen klaagwoord, frustrasie, eie reg nie. Niks. Tot in die graf: Dood-stil.

Hoe is so iets moontlik? Want hierdie Kneg is met hart en siel Kneg van die *HERE*. Hy is deur die HERE aangestel om 'n taak te doen. Hy moet die straf dra wat vir ons die vrede aanbring (vers 5). En so groot is sy liefde vir die Vader en die Gees, Hy dra hierdie laste met oorgawe. So groot is sy liefde, Hy het selfs nie een keer sy mond oopgemaak nie. Omdat die Vader so graag kinders wil hê, en omdat die Gees so graag in tempels wil woon.

En ook teenoor ons het Hy sy mond nie oopgemaak nie. Sodat ons verseker kan weet dat hierdie offer vir ons opreg bedoel is. Van harte. Nie een keer sy mond oopgemaak nie. Nie een keer was daar ook maar die minste twyfel in sy hart hoekom Hy dit doen nie. Want hierdie mense is sy bruid, sy broeders, sy vriende. En Hy het 'n ewige liefde vir hulle! Van die tyd toe hulle so op Hom geskree het, tot die tyd toe hulle so skepties was oor sy vrywillige offer in hulle plek. Van die tyd toe hulle nie opgestaan het vir sy onskuld nie, totdat hulle 'n klein bietjie begin verstaan wat Hy doen, en nog steeds nie regtig opstaan vir sy Naam nie. Dood-stil.

Sy hart was brandende in Hom, te alle tye. Vir geen oomblik het Hy aan Homself gedink nie. Hy het aan ons gedink.

En daarom was dit so stil.

By 'n stilte wat so weergalm, wie kan nou nog wonder hoe groot sy liefde vir ons werklik is? By 'n stilte wat so oorverdowend is, wie kan nou nog twyfel aan sy liefde, ook as ons deur moeilike tye gaan?

En nou kan die Gees nie meer swyg nie

Ja, nou verstaan ons ook hoekom die Vader en die Seun kort hierna die Gees op aarde *uitgestort* het. Die oorvloed van die Gees word op die aarde uitgestort.

Uitgestort. Hoe dan ook anders? Nou moet dit uit! Nou moet die wêreld hiervan hoor!

Uitgestort. So oorvloedig dat die eens verloënende Petrus nou sterk getuig van die onskuld en offer van sy Verlosser. So oorvloedig dat seuns en dogters (kinders!) nou profeteer, nou vertel van die groot dade van God. Die Gees van alle tale swyg nie meer nie! Ons hoor nou die wêreldwye koor van almal wat in die openbaar opkom vir die feit dat die Lydende Kneg onskuldig gesterf het... vir *ons* sondes.

En die Gees leer ons 'n lied. Die lied van Jesaja 53, deur die Gees Self geïnspireer. En ons weet nie of ons moet huil en of ons moet juig as ons die lied sing nie. Ag, Here, deurboor en verbrysel – vir my ongeregtigheid. Halleluja, deurboor en verbrysel – vir my geregtigheid. Ja waarlik, ons lag deur ons trane heen. Ons roep dit uit, want ons hart trek saam van pyn. Ons roep dit uit, want ons hart het vry geword.

Van alle kante deur ons emosies gedring, roep ons dit uit. Want die *Gees* spreek in hierdie wêreld. En Hy kom oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8). Die tyd dat God oor onreg stil is, is verby. Die Gees kan nie meer swyg nie. Vir die reg en die vrede in die kerk is daar 'n *te* groot offer betaal. Die Gees spreek nou waarlik alle tale, en in alle soorte mense!

Die Lydende Kneg wat onskuldig die reg van die HERE kom volbring het. Hoe is dit moontlik... dat so 'n onreg in ons midde gebeur het? Nee, nooit weer stilbly in die kerk nie! Nooit weer gelate die onreg in die kerk aanvaar nie. Ons wil tog nie voortgaan om geen erkenning te gee vir wat Hy in ons midde kom doen het nie?

Ds Jopie van der Linden *is emiritus-predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

‘n NUWE Bybelvertaling (3)

Venster op die Bybel

Terugblik
In die eerste artikel in hierdie kort reeks het ons gekyk na die oorsprong en verloop van die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Verskeie ‘formele’ aspekte van die vertaling is onder die vergrootglas geplaas en bespreek. In die tweede artikel het ons spesifiek gekyk na die inleidings tot die verskillende Bybelboeke, en die vrae wat dit oproep. In hierdie derde artikel wil ons kyk na spesifieke gedeeltes wat alreeds vertaal is.[1]

Mooi vertalings in goeie Afrikaans
Die vertaalopdrag vir die nuwe vertaling lui soos volg: “Skep ‘n goed verstaanbare, bron-teksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.” ‘n Goed verstaanbare Afrikaanse vertaling – dit is die een onmisbare komponent van hierdie vertaling.

Wanneer ons hierdie deel van die vertaalopdrag ernstig opneem, is ons nie noodwendig taalpuriste of fanatieke stryders vir Afrikaans nie. Nee, dit gaan daaroor dat ons suinig omgaan met die pragtige taal wat die Here ons gegee het, en – belangriker nog! – dat ons erns maak met die wonder van Pinkster waar elkeen in sy eie taal oor die groot dade van God hoor spreek het (Hand 2:11). In die lig hiervan is die Deputate Bybelvertaling en die kerklike lesers oor die algemeen tevrede met die vertalings wat tot dusver verskyn het.

Luister, byvoorbeeld, na die pragtige vertaling van Jona se gesprek met die Here in Jona 4:1-3:

Maar volgens Jona was dit regtig baie verkeerd en hy het kwaad geword.
Hy bid toe tot die HERE en sê:
“Ag HERE, dit was wat ek gesê het toe ek nog in my land was!
Daarom het ek vroegtydig na Tarsis gevlug
want ek het geweet dat U ‘n genadige en barmhartige God is,
geduldig en altyd getrou,
‘n God wat jammer is oor die kwaad.
HERE, neem dan nou maar my lewensasem van my weg, want dit is vir my beter om te sterf as om só te lewe.

En luister ook na Paulus se mooi ‘Afrikaans’ in sy oproep tot die Galasiërs (3:1-3):
O, julle dwase Galasiërs, wie het julle begoël?
Julle voor wie se oë Jesus Christus so duidelik as gekruisigde geteken is!
Net dit wil ek van julle weet:
Het julle die Gees ontvang op grond van die nakoming van die wet
of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het?
Is julle so dwaas?
Julle het met die krag van die Gees begin;
gaan julle nou met menslike krag klaarmaak?

Afrikaans met vrae…
En tog is daar ook plekke waar die Afrikaanse vertaling sekere vrae laat. Dit is beslis geen beginselbesware nie, maar dit is nogtans belangrik vir goeie leesbaarheid.
Ek gee enkele voorbeelde:

[1] Die voorbeelde waarna in die volgende paragrawe verwys sal word, neem ek met dank oor van die kerklike lesers (te wete ds Jopie van der Linden, br Henk Schuring en sr Tanya Bijker) wat deur die Deputate Bybelvertaling vir hierdie doel betrek is.

- Rut 2:3 lees soos volg in die OAV: "En *gelukkig* kom sy op 'n stuk land af wat behoort aan Boas…", maar die nuwe vertaling het dit só vertaal: "En *soos die geluk dit wou hê*, het dié deel van die land aan Boas behoort…" Tereg merk die kerklike leser in sy kommentaar op dat hierdie vertaling die suggestie wek dat die gebeure te wyte sou wees aan een of ander geluks-godin, terwyl God se beskikking en voorsienigheid op die agtergrond verdwyn.
- In die OAV lees ons in Rut 4:16: "Naomi het die kind geneem en op haar skoot gesit en sy *pleegmoeder* geword." Die nuwe vertaling het soos volg vertaal: "Naomi het die kind geneem en op haar skoot gesit en sy *grootmaakma* geword." 'Grootmaakma' – nie een van die deputate of die kerklike lesers kon aan hierdie woord gewoond raak nie; daarby is dit 'n woord wat, sover ons kon uitvind, nie in die Afrikaanse taal gebruik word nie. Daarom het deputate / kerklike lesers aan die vertalers voorgestel om eenvoudig te hou by pleegmoeder (of alternatiewelik: pleegma), wat algemeen bekend is.
- 'n Laaste voorbeeld kom uit Nahum 2:2, waar die OAV soos volg vertaal: "Want die HERE herstel die *heerlikheid* van Jakob net soos die *heerlikheid* van Israel." Die nuwe vertaling het egter besluit om 'heerlikheid' met 'trots' weer te gee. Taalkundig is dit 'n werkbare moontlikheid, maar in die Afrikaanse taalgebruik het 'trots' 'n negatiewe konnotasie gekry, wat sover moontlik vermy moet word.

Agter Afrikaans lê Hebreeus en Grieks

Wie sy Afrikaanse Bybel oopmaak, lees eenvoudig die vertaling; hy lees die Woord van die Here in Afrikaans. Maar agter die Afrikaans lê daar 'n wêreld van Hebreeuse en Griekse taalkunde. As die vertaling goed is, hoef die gewone leser hom nie daaroor te bekommer nie; hy mag dan met redelike sekerheid weet dat sy vertaling die grondtale (Hebreeus en Grieks) getrou weergee. Maar dit plaas natuurlik 'n groot verantwoordelikheid op die vertalers om die grondtale inderdaad getrou weer te gee. Gevolglik het deputate / kerlike lesers ook hierop die nodig kommentaar gelewer. Ek gee weer enkele voorbeelde:

- Joël 1:10 in die nuwe vertaling lui soos volg: "Die landerye is verniet, die grond is *uitgedor*." Ons voorstel is egter om die laaste woorde te vertaal met: "die grond rou". Hoekom? Wel, 'rou' is 'n meer letterlike vertaling van die Hebreeuse woord in hierdie gedeelte, en daarby sluit dit goed aan by die beelde van rou en weeklag wat in verse 8 en 9 gebruik word.
- Miga 6:1 in die nuwe vertaling word soos volg weergegee: "Kla die berge aan…", terwyl die volgende vers (6:2) duidelik maak dat die aanklag teen Israel gerig is. Daarby weet ons dat die berge dikwels in die Skrif as getuies betrek word. Daarom is dit beter om te vertaal met: "Kla voor die berge…"
- Galasiërs 3:4 lui in die nuwe vertaling: "Het julle vergeefs soveel *beleef*?", terwyl die OAV dit weergee met: "Het julle vergeefs soveel *gely*?" Die Griekse woord wat hier gebruik word, kom 42 keer in die Nuwe Testament voor en word deurgaans met 'ly' (Engels – "suffer") vertaal. Daarom moet daar goeie redes wees om dit skielik op 'n ander manier te vertaal.

Ten slotte

Die bogenoemde voorbeelde is kort en kripties. Terloops, die Bybelgenootskap gee ook nie ruimte om veel meer uit te brei as dit nie. Maar hopelik gee dit 'n indruk van die aspekte wat by die vertaling in ag geneem behoort te word. Sowel die brontaal (Hebreeus en Grieks) as die doeltaal (Afrikaans) moet deeglik nagegaan word. 'n Tydsame werk, maar belangrik vir ons toekomstige gebruik van hierdie vertaling. Indien u self alreeds dele van die nuwe vertaling gebruik en iets optel wat die Deputate kan help, hoor ons graag van u.

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

GESKIEDSKRYWING in die boek JOSUA

Venster op die Bybel

N.a.v. proefskrif From Conquest to Coexistence geskryf deur K van Bekkum



In hulle verslag aan verlede jaar se sinode het die *Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke* die volgende gepubliseer:

"Onlangs het dr K van Bekkum sy doktorsgraad in Ou Testament verwerf onder die verantwoordelikheid van prof dr G Kwakkel in Kampen. In sy proefskrif ontken dr Van Bekkum die historisiteit van Josua 10:12-14 (die feit dat God die son laat stilstaan het op die versoek van Josua). Hy plaas ook vraagtekens by die val van Jerigo, soos beskryf in Josua 6."

Al met al genoeg rede om 'n bietjie nader te kyk na hierdie proefskrif[i] van dr Van Bekkum. Is dit regtig waar wat die deputate oor hom geskryf het?

Oorsig

In die liberale Westerse Ou-testamentiese wetenskap vind daar 'n debat plaas oor die intog van die volk Israel soos dit onder andere in die boek Josua beskryf word. Mede met inspanning van die interpretasie van argeologiese opgrawings word verskillende hipoteses verdedig. Dit varieer van die stelling dat daar geen intog was nie, tot die sienswyse dat daar 'n lang proses van vreedsame infiltrasie plaasgevind het. Wat Van Bekkum in sy proefskrif probeer aantoon, is dat die vestiging van Israel in Kanaän 'n proses 'from conquest to coexistence' (van oorwinning na ko-eksistensie/saambestaan) was. Hy probeer aantoon dat die intog nie 'n mities-ideologiese opvatting van later tye is nie. In sy proefskrif probeer Van Bekkum om die eksegese en die argeologie (weer) met mekaar in gesprek te bring. Die proefskrif beperk hom tot 'n eksegese van Josua 9:1-13:7, en wat die argeologie betref tot die periode van die 14de tot die 8ste eeu vC. Wat betref die wonder in Josua 10 – die son en maan wat stilgestaan het – probeer Van Bekkum om dit in terme van Oud-oosterse verhaalkonvensies te verklaar. Hierdeur word dit 'n literêre *topos* (vertelvorm) wat die totaliteit en radikaliteit van die oorwinning wil beklemtoon. Ten slotte dra Van Bekkum 'n eie historiografiese hipotese met betrekking tot Josua 9-13 aan. Enersyds het die skrywers van hierdie hoofstukke volgens hom kontemporêre literêre middele gebruik, soos byvoorbeeld uitvergroting, hiperbool, selektiwiteit, simplifikasie en (re)konstruksie. Andersyds sou hulle tog ook respek gehad het vir oorgelewerde materiaal en tradisies. Aan die einde van sy proefskrif kom Van Bekkum tot die gevolgtrekking dat historiese 'truth claims' (waarheidsaansprake), wat tog ook in die boek Josua gemaak word, nòg deur die argeologie bewys nòg deur die argeologie ontken word. As 'n verdienste van die proefskrif kan genoem word dat dit 'n eksegeties-argeologiese verdediging wil verskaf van die historisiteit van Israel se intog in Kanaän. Die feit dat Israel verskillende stede in Kanaän verwoes het, word deur argeologiese resultate tot op hede nie bewys nie, maar ook nie verkeerd bewys nie[ii].

Van Bekkum skryf self oor sy proefskrif: *Josua 9-13 gaan oor 'n historiese gebeurtenis: die intog in die land Kanaän. Maar dit is ook 'n verhaal met 'n boodskap. Die teks sê as't ware: dit het gebeur, en vir jou beteken dit dít. Wat is nou presies die verhouding tussen die boodskap en die verwysing na die verlede? Dit het ek ondersoek*.[iii]

Beoordeling

Metodologies beskryf Van Bekkum die historiese stof in die Ou Testament as die produk van 'n gemeenskap se geloof en verwagtinge. Die mate waarin die historiese stof teruggaan op werklike

gebeure kan slegs bepaal word deur 'n dialogiese proses met 'artifactual evidence'[iv]. (Artefakte is voorwerpe wat deur mense vervaardig is en wat as bewysmateriaal optree.)

Die gevolg hiervan is dat die evidente aanspraak van die Skrif op historisiteit 'in die yskas' geplaas word. Die gevolg is dat die hedendaags aanvaarde interpretasie van argeologiese materiaal (in die Westerse wetenskap) die Bybelse getuienis oortroef. In die proses skenk die outeur geen aandag aan die eksegetiese geskiedenis van die interpretasie van die betrokke tekste uit die Ou Testament nie.

Van Bekkum maak 'n onderskeid tussen 'truth claim' (waarheidsaanspraak) en 'truth value' (waarheidswaarde).[v] 'n Gevolg van hierdie metode is dat byvoorbeeld die gebeurtenis dat die son stilgestaan het (Josua 10:12-14) op 'n metaforiese wyse geïnterpreteer word.[vi] Dit is in teenspraak met die evidente eksegese van hierdie gedeelte, soos dit ook uitgelê is in die eeuelange eksegetiese geskiedenis van hierdie teks. Van Bekkum konfronteer hom egter nie met hierdie eksegetiese geskiedenis nie. 'n Mens vra jouself af hoe Van Bekkum tot 'n nuwe eksegese kan kom, sonder om toe te laat dat sy eksegese 'getoets' word aan die eksegetiese tradisie van hierdie teks.

Die aanpak van historiese stof uit die Ou Testament by Van Bekkum is sodanig dat die betroubaarheid daarvan opgeskort word tot tyd en wyl die bewys deur buite-Bybelse bronne bevestig of ten minste nie ontken word nie. Die teks van die historiese stof moet ook eers gestroop word van konvensies soos simplifikasie, selektiwiteit, suggestiewe detail[vii], hiperbool, retoriese oordrywing[viii], anachronisme[ix]. Buite-Bybelse bronne kan by hierdie proses help. Eers daarna kan bekyk word wat wel of nie histories is nie, en hoeveel van die 'story' wel 'history' is.

Die sogenaamde poëtiese fragmente van Josua 10:12b-13 word vervolgens deur Van Bekkum van 'n eie uitleg voorsien. Volgens Van Bekkum wil hy nie ontken dat God op die gebed van Josua 'n wonder gedoen het nie. Maar na sy mening gaan dit by die gebedsverhoring veral oor 'n oorwinningswonder, wat volgens Oud-oosterse konvensie beskryf word as 'n militêre oorwinning in een dag. Die wonder het egter nie iets met die werklike lengte van daardie dag te make gehad nie.

Hierdie uitleg is afwykend van die uitleg wat Josua 10 self aan hierdie fragment gee. In verse 13 en 14 word naamlik by herhaling vermeld dat op daardie dag iets heel buitengewoons gebeur het. 'n Mens moenie dink dit is maar net beeldspraak of oordrywing nie! Vers 12d-13d word in vers 13e-14c van Bybelse kommentaar voorsien: dit was 'n historiese dag. Die klem lê hier op die unieke van die gebedsverhoring. Vers 13 praat oor die dag waarop die HERE hierdie konkrete gebed verhoor het: "En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag." Josua se gebed, in kombinasie met uitleg wat die Bybel self verskaf, gee geen aanleiding om aan iets anders te dink as 'n wonder met 'n kosmiese effek nie.

Tog gaan Van Bekkum sover om die eie verklaring wat die Bybel gee, te bestempel as 'n *sekondêre betekenis*[x], terwyl hy self die primêre verklaring aandra. Die 'secondary meaning' klassifiseer hy as 'n *hiperboliese* interpretasie met verminderde waarheidsgehalte[xi]. Van Bekkum gaan selfs nog 'n stap verder: die gebeure van Josua 10:12-14 kan ook in *metaforiese* sin opgevat word. Dit word dan bloot 'n beeld wat God se oorwinning onderstreep, sonder dat ons die beeld letterlik hoef op te vat.[xii]

In hierdie opsig moet die vraag gevra word hoe 'n gereformeerde eksegeet sy eie eksegese as primêr kan bestempel, sonder dat die teks self daarvoor aanleiding gee. Die teks stel juis *by herhaling* die omgekeerde. Dit maak nie sin om God se oorwinning te beaam, maar vraagtekens te plaas agter die manier waarop God die oorwinning behaal het nie. 'n Eksegeet het nie die reg om dit te doen nie. Dit maak byvoorbeeld ook nie sin om te beweer dat Jesus nié op die water geloop het nie, maar dat die boodskap wel is dat Hy ons altyd bystaan in nood. Wie gee ons die reg om iets as *metaforiese* taal (beeldspraak) te bestempel sonder dat die teks enige aanleiding daartoe gee? Van Bekkum doen dieselfde in 'n ander artikel as hy opper dat die stryd tussen Dawid en Goliat nie letterlik so gebeur het nie, maar wel in geestelike en historiese sin eksemplaries is vir Dawid se stryd teen die Filistyne. Hoe kan iets eksemplaries histories wees, as die voorbeeld nie histories is nie?[xiii]

Die vraag na die inspirasie van die boek Josua is in hierdie opsig ook relevant. Van Bekkum stel dat God se Woord in Josua saamval met die ideologiese (geloofs)verwerking van die sogenaamde *text-community* (teksgemeenskap – groep mense wat die teks vervaardig het). Die teks van die boek Josua gee naamlik 'n weergawe van die verwagtings van die *text-community*. Hoe verdra hierdie stelling hom met die profetiese karakter van God se Woord, wat juis ingaan teen die verwagtings in van die *community* (gemeenskap)? Hoe dikwels is profete

nie juis geïsoleer deur die *community* nie, juis omdat hulle nie aan die *community* se verwagtings voldoen het nie? Hulle moes met 'n boodskap van God kom, waarop die *community* nie gesit en wag het nie.

Hierdie benadering wat ons in Van Bekkum se proefskrif vind, gaan verder as wat 'n mens *vryheid van eksegese* noem. Van Bekkum dui in die *Epiloog* van sy proefskrif aan dat hy artikel 5 van die NGB aanvaar – wat handel oor die Goddelike oorsprong van die Bybel.[xiv] Maar dan lyk dit of daar 'n diskrepansie is tussen woorde en dade in hierdie proefskrif. Die transparante betekenis van die teks soos dit gefunksioneer het deur die eeue heen, word nie gehonoreer nie.

Dit is nie net Van Bekkum se eksegese en hermeneutiese benadering van Josua 10 wat vrae oproep nie. Wat betref die datering van die intog laat Van Bekkum hom lei deur bepaalde argeologiese fondse, terwyl hy ander historiese gegewens op die kantlyn skuif, oftewel 'in die yskas sit'. Dit het te make met sy datering van die intog van Israel in die land Kanaän. Van Bekkum stel dat dit sterk daarop lyk dat die stede Jerigo en Ai tydens die intog glad nie bewoon was nie, dit in teenstelling met wat daar in Josua 5-8 staan. Hierdie hoofstukke beskryf juis die intog van die volk Israel asook die gepaardgaande verwoesting van hierdie stede. Hierdie probleem ontstaan egter omdat Van Bekkum die gangbare datering in die liberale Westerse wetenskap hanteer. Die probleem verdwyn as die vroeëre datering gebruik word, naamlik dat die uittog en intog nie plaasgevind het in die 13e nie, maar in die 15e eeu vC. Daar is verskeie Bybelse gegewens sowel as buite-Bybelse bronne wat hierdie vroeë datering ondersteun:

- 1 Konings 6:1 "En in die vierhonderd-en-tagtigste jaar ná die uittog van die kinders van Israel uit Egipteland..."
- 1 Kronieke 6 – geslagsregister van die afstammelinge van Levi
- Rigters 11:26 "Terwyl Israel in Hesbon met sy onderhorige plekke en in Aroër met sy onderhorige plekke en in al die stede wat langs die Arnon lê, driehonderd jaar lank gewoon het..."
- Verder vermeld die Joodse Talmoed dat die sewentiende jubeljaar saamval met die tydsaanduiding in Esegiël 40:1.
- Die argeologiese fondse by Jerigo dui aan dat die stad in die 13e eeu onbewoon was, maar vir die 15e eeu dui dit brandspore aan.

Dit is opvallend dat Van Bekkum daarvoor gekies het om nie argeologiese gegewens van die 15de eeu sistematies te ondersoek nie. Volg hy hier die neiging van die liberale teologie om die 15de eeu by voorbaat buite beskouing te laat? Die liberale teologie wou naamlik tot op hede nie aanvaar dat die volk Israel as 'n etniese groep bestaan het voor die 13de eeu nie. Hulle rede is dat daar nie buite-Bybelse bronne bestaan wat dit bevestig nie. Ironies genoeg is daardie buite-Bybelse bevestiging ondertussen na alle waarskynlikheid nou wel gevind. 'n Paar ondersoekers het onlangs gepubliseer dat op 'n steenblok in die Egiptiese museum van Berlyn die naam *Israel* te lees is in 'n inskripsie wat twee eeue ouer is as die oudste (buite-Bybelse) verwysing na Israel wat tot dusver bekend was.[xv]

Ook met betrekking tot die datering van die intog volg Van Bekkum dus die metode wat gangbaar is in die liberale teologie, naamlik om die Bybelse gegewens eers 'in die yskas' te sit en nie in die bewysvoering te gebruik nie. Daarom is die dateringskwessie nie net 'n tegniese diskussie nie, maar van hermeneuties prinsipiële aard.

Breër konteks

Die vraag kom nou op 'n mens af: is Van Bekkum se proefskrif *Skrifkrities* of nie? In die gereformeerde teologie is die woord *Skrifkrities* 'n term wat veral dui op 'n manier van Skrifuitleg wat sedert die 19de eeu in die Westerse wêreld gangbaar geword het (nie dat dit daarvoor nie al bestaan het nie). Eie aan hierdie manier van Skrifuitleg is dat die historiese betroubaarheid van Skrifgedeeltes 'in die yskas' geplaas word, totdat buite-Bybelse bronne die egtheid daarvan bevestig. Buite-Bybelse bronne kan argeologiese fondse wees of dalk ander geskrewe manuskripte. Eie aan hierdie manier van Skrifuitleg is ook dat teoloë uiteenlopende teorieë of aksiomas oor die ontstaan van Bybelboeke begin publiseer het, wat egter geen historiese basis het nie. 'n Bekende voorbeeld m.b.t. die Ou Testament is Julius Wellhausen se hipotese van die bronne genaamd J,D,E en P waarop die Pentateug sou teruggaan.

Hierdie bronne is fiktief, daar bestaan geen historiese bewyse daarvoor nie. En so is daar nog veel meer fiktiewe hipoteses. Hierdie hipoteses beheers steeds die liberale teologiese wêreld.

Wie was Julius Wellhausen? Wellhausen was 'n liberale teoloog uit die 19de eeu. Die Pentateug sou volgens hom eers na die ballingskap ontstaan het uit bronne geskryf deur die fiktiewe skrywers ***J**ahwis, **E**lois, **D**euteronomis en die **P**riesterkode.* So sou die wetboek wat koning Josia in die tempel teruggevind het (2 Kon 22), volgens Wellhausen 'n versinsel wees. Dit is volgens hom nie teruggevind nie, maar was 'n georkestreerde aksie van 'n teologiese profeteskool uit sy tyd om hulle sienswyse op die volk af te druk. Hoewel daar vir al hierdie (ons sou sê vergesogte) hipoteses tot vandag toe geen enkele historiese bewys is nie, word dit nog steeds as geldige hipoteses aanvaar in die liberale teologie.

Dit was egter deur die jare die 'handelsmerk' van die Teologiese Universiteit in Kampen dat hulle hul van hierdie hipoteses gedistansieer het. Dit het begin met die eerste Ou-testamentikus prof B Holwerda wat in sy publikasies die sg. Wellhausen-hipotese oortuigend as fiktief en verkeerd bewys het. Al die jare daarna het die teoloë in Kampen hulle bly distansieer van hierdie metodes in die liberale teologie. Dit het hulle nie minder wetenskaplik gemaak nie, inteendeel. Dalk wel minder modieus in die moderne liberale konteks. Hulle het gekies om voort te gaan om die teologie (bv. die Ou-testamentiese wetenskap) te ontwikkel in lyn met die klassiek gereformeerde tradisie.

Aan die begin van hierdie eeu lyk dit egter of daar verandering kom:
- Dr S Paas publiseer 'n proefskrif waarin hy gebruik maak van die sogenaamde J,E,D,P-hipotese, sonder dat hy homself krities daarvan distansieer.[xvi] Dr Paas is op die oomblik dosent in Kampen. Wel is dit so dat dr Paas sy proefskrif nie in Kampen geskryf het nie, en dat hy lid is van die Christelijk Gereformeerde Kerken. Maak dit 'n verskil?
- Dr K van Bekkum skryf wel sy proefskrif in Kampen, en sy hoofpromotor is dosent in Kampen. Soos hierbo aangetoon, word sy proefskrif ook gekenmerk deur die tipies liberale metode om die historisiteit van 'n Skrifgedeelte 'in die yskas te sit', en dit eers weer uit te haal as buite-Bybelse bronne genoeg aanleiding daarvoor gee.

Bogenoemde twee proefskrifte slaan inderdaad 'n ander koers in as die klassieke Ou-testamentiese metode wat tot dusver in Kampen beoefen is. In terme van die definisie wat hierbo gegee is, kan 'n mens nie anders as om hierdie twee proefskrifte *Skrifkrities* te noem nie. Dit laat 'n mens dan onwillekeurig die vraag vra: beweeg die Ou-testamentiese wetenskap, en dalk Kampen in sy geheel, nou in 'n Skrifkritiese rigting? Die laaste is nie waar nie. Nie alle dosente in Kampen is dieselfde nie. Maar die Ou-testamentiese deel van Kampen – raak dit dan Skrifkrities? Ook dit kan 'n mens nie sonder meer sê nie. In die *Kompas* van November 2011 was daar byvoorbeeld 'n resensie van 'n boek wat in 2006 as proefskrif in Kampen verdedig is – ook in die Ou-testamentiese wetenskap. Dit is 'n pragtige voorbeeld van deeglike wetenskaplike gereformeerde teologie.[xvii]

As 'n mens egter na die toekoms kyk, moet 'n mens wel die vraag vra: hoekom is dr Van Bekkum as post-doktorale ondersoeker in Kampen aangestel? Is dit 'n teken dat Kampen wel besig is om die klassieke gereformeerde koers te wysig? Wat in elk geval vir ons belangrik is, is dat, as ons in die toekoms uitsprake maak oor die teologie in Kampen, ons die bronne self moet raadpleeg. 'n Mens kan nie net op gevoelens afgaan of op dit wat jy by ander hoor nie. Dit geld vir almal – of jy krities is, of as jy Kampen wil verdedig. Dit is wat ek ook in hierdie artikel probeer doen het.

Ds Pieter Boon *is sendeling in Soshanguve en streekskoördineerder Teologiese Opleiding vir Klassis Noord.*

---

[i] K van Bekkum *From Conquest to Coexistence. Ideology and antiquarian intent in the Historiography of Israel's Settlement in Canaan.* 2010
[ii] Van Bekkum p.560
[iii] Koert van Bekkum in *Nederlands Dagblad* 12 Maart 2010
[iv] Van Bekkum p.31-32
[v] Van Bekkum p.32
[vi] Van Bekkum p.250
[vii] Van Bekkum p.32v
[viii] Van Bekkum p.114v, 179, 201
[ix] Van Bekkum p.184,194
[x] Van Bekkum p.247
[xi] Van Bekkum p.249
[xii] Van Bekkum p.250
[xiii] Van Bekkum in: *Theologia Reformata* 46,4 (Dec 2003) , p.328-355
[xiv] Van Bekkum p.499
[xv] *Theologia Reformata* 54/3 (2011)
[xvi] S Paas *Creation and Judgement: Creation Texts in Some Eighth Century Prophets* 2003 Brill: Leiden in: *Oudtestamentische Studiën* 47.
[xvii] Sien *Kompas* November 2011 'Eerlijk duurt het langst' deur Tjeerd en Diny de Wit. Bespreking van die boek: *Eerlijk duurt het langst. Bijbelstudies over echtheid in het Oude en Nieuwe Testament* deur dr MH Oosterhuis. Die proefskrif se titel lui: *Een rein hart. Rituele reinheidsterminologie in spirituele contexten van het Oude Testament* 2006

DIE NUWE VERBOND

Leer & Lewe

Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament is een van die belangrikste verskilpunte onder Bybelgetroue Christene wêreldwyd. Die woord *testament* is die Latynse vertaling van die Griekse en Hebreeuse woord vir *verbond*. Dit gaan dus eintlik oor die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond. Ek wil in twee artikels die gesprek oor die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament dien deur 'n antwoord te vind op die vraag: "Wat is nuut in die nuwe verbond?" My eerste artikel is Bybels teologies: ons kyk na die belangrikste tekste oor die nuwe verbond. My tweede artikel is sistematies teologies: ons trek teologiese konklusies op grond van die Bybeltekste wat ons ondersoek het.

1. Jeremia 31:31-34

Dis die eerste en enigste plek in die Ou Testament waar gepraat word oor 'n nuwe verbond. Daarom speel hierdie teks so 'n baie belangrike rol in die Nuwe Testament. Ons lees in Jeremia 31:32 dat die volk die verbond wat God gesluit het toe Hy sy volk uit Egipte bevry het (= Sinai-verbond), verbreek het. Hierdie Sinai-verbond is weer 'n voortsetting van die verbond met die vaders (Jer 11:10).

Uit die hele boek van Jeremia kan afgelei word dat daar twee oorsake is vir hierdie verbondsbreuk:

1. 'n Jarelange geskiedenis van skuld en sonde;
2. Die onvermoë van die volk om hom te hou aan die verbond met die Here.

Nêrens lees ons dat God ook die verbond verbreek het nie, eerder die teendeel (Jer 31:36). Omdat die volk die verbond verbreek het, sal God in die toekoms 'n nuwe verbond oprig. Die uitdrukking 'in die dae …' is vaag. Ons moet hier rekening hou met die profetiese perspektief. 'n Profeet sien die toekoms binne een perspektief. Hulle sien sowel die beslissende keerpunt as die voltooiing van die heilsgeskiedenis in een prentjie. Die vervulling van die profesie gebeur in fases. Die eerste vervulling het plaasgevind by die terugkeer uit ballingskap. Die koms van Christus is die beslissende keerpunt in die geskiedenis en daarmee die belangrikste vervulling van hierdie profesie. Maar daar is nog aspekte wat eers op die jongste dag in vervulling sal gaan.

Wanneer ons na die inhoud kyk, sien ons dat die nuwe verbond oor vier dinge gaan:

- Ek sal my wet op hulle hart skrywe
- Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees
- Hulle sal My almal ken
- Ek sal hulle sondes vergewe

Geeneen van hierdie vier is nuut ten opsigte van die 'ou' verbond nie. Ook by die Sinai-verbond was dit ongetwyfeld die bedoeling dat die wet van die Here nie net uiterlik sou bly nie, maar 'n plek sou kry in die hart van die volk, soos duidelik gesien kan word in Deuteronomium 6:4-6 en 11:18. Die verbondsformule is onder die 'ou' en die nuwe verbond dieselfde (Openb 21:3). Ook die Sinai-verbond was daarop gerig om die Here te ken. En ten laaste: vergifnis van skuld was ook 'n belangrike onderdeel van die Sinai-verbond.

Wat is dan die verskil? Baie mense maak op grond van Jeremia 31 onderskeid tussen oud en nuut wat nie Bybels is nie. Byvoorbeeld dat die Sinai-verbond 'n wettiese verbond was en die nuwe verbond 'n evangeliese verbond. Of dat die Sinai-verbond uiterlik was – die wet was net op tafels van klip geskrywe, maar in die nuwe verbond sal die wet innerlik wees – in die hart van die volk. As ons na die inhoud van die nuwe verbond kyk, moet ons sê dat dit nie verskil ten opsigte van die 'ou' verbond nie.

Wat is dan nuut? Die klem van Jeremia 31:31-34 lê nie op die inhoud van die nuwe verbond nie, maar op hoe die inhoud gerealiseer sal word. Jeremia het in 'n krisistyd gelewe. Die volk is gekonfronteer met sy skuldgeskiedenis en onvermoë om trou te wees in die verbond met die Here. Hoe kan die verbondsbreuk ooit weer herstel word? Die Here sal Self sorg dat die verbondsomgang weer moontlik word. God wou in die geskiedenis met Israel aan die mensdom duidelik maak dat verbondsomgang met Hom net moontlik is deur sy genadige ingryping. Die nuwe verbond sal eers in die eindtyd ten volle realiteit wees. Immers, eers dan sal die wet volmaak in die hart van die volk geskrywe wees en sal almal die Here ken. Maar God sal in die geskiedenis ingryp om hierdie nuwe verbond nader te bring.

2. Die nuwe verbond in die beker-woord van die Here Jesus

Christus het in al sy onderwys op aarde nie een keer die woord *verbond* genoem nie, behalwe tydens die laaste Paasmaaltyd met sy leerlinge. Toe het Hy gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed wat vir julle uitgestort word." (Luk 22:20) Die bloed van die verbond is 'n verwysing na Exodus 24:8 – die verbondsluiting by die berg Sinai. Jesus het gesê dat, net soos in Exodus 24 die bloed van die offers gebruik is om die Sinai-verbond in te wy, net so wy sy bloed die nuwe verbond in. Die uitstorting van sy

bloed is die inhuldiging en bevestiging van die nuwe verbond. Deur sy dood word die nuwe verbond gerealiseer en daarmee is dit die vervulling van die Sinai-verbond. Wat die Sinai-verbond nie kon realiseer nie, naamlik volmaakte lewensgemeenskap tussen God en sy volk, is deur die dood van Jesus definitief wel gerealiseer.

3. Die nuwe verbond by Paulus

a. Romeine 9:4 en 11:27

Die hele betoog van Romeine 9-11 skryf Paulus teen mense wat, moontlik op grond van Jeremia 31:31-34, beweer dat die verbond wat God met Israel gesluit het, verby is, omdat Israel die verbond verbreek het. Hierteenoor benadruk Paulus die onveranderlikheid en trou van God in roeping en verkiesing. God het sy verbond met Israel nie verbreek nie. Die meervoud *verbonde* in Romeine 9:4 moet daarom slaan op die verbonde wat God in die geskiedenis met Israel gesluit het. Ons kan dink aan die verbond met Abraham, die Sinai-verbond, die verbond met die Leviete en die verbond met die huis van Dawid. Paulus beklemtoon die een onveranderlike verbond van God met sy volk, sy ewige verbond. Die verbond wat God in die geskiedenis met Israel gesluit het, rus op die een blywende verbond van God. Hierdie verbond is ook vir die toekoms van Israel nog steeds geldig, ondanks die ontrou van die volk.

b. 2 Korinthiërs 3

Die teenstelling wat Paulus maak, is nie dié tussen die 'ou' en die nuwe verbond nie, maar eerstens tussen die heerlikheid van die ou verbond wanneer jy dit vergelyk met die heerlikheid wat geopenbaar is in Christus. Die heerlikheid van die 'ou' verbond was 'n bewys van 'n egte ontmoeting tussen God en sy volk. Maar noudat ons die heerlikheid van God in Christus gesien het, was dit 'n heerlikheid wat moes verdwyn. Paulus sê dus dat jy die koms van Christus en sy Gees moet verdiskonteer as jy praat oor die 'ou' verbond. Die 'ou' verbond is nie deur die nuwe vervang nie, maar is deur die nuwe gerealiseer. Die ander teenstelling is dié tussen letter en Gees. Hierdie teenstelling is prinsipieel. Wanneer jy die wet nie sien in die lig van die openbaring van Jesus Christus nie, bly die wet 'n letter wat doodmaak. Wanneer jy die wet nie lees in die lig van Christus nie, kla die wet jou net aan en veroordeel die wet jou. Hierdie letter-karakter van die wet mag ons egter nie terugvoer tot die Sinai-verbond self nie, maar op 'n verkeerde interpretasie van die wet van die Sinai-verbond.

c. Galasiërs 4:21-31

In hierdie Bybelgedeelte spreek Paulus van twee verbonde wat hy teenoor mekaar plaas. Hy noem hulle nêrens 'n ou en 'n nuwe verbond nie. Die twee seuns van Abraham staan vir twee verbonde. Paulus trek dan wonderlik genoeg 'n lyn van Ismael na die berg Sinai, terwyl die geskiedenis vertel dat daar 'n regstreekse lyn loop van Isak na die berg Sinai. Paulus noem die verbond wat teruggaan op Isak 'n belofteverbond, omdat die seun van Sara deur die belofte gebore is. Paulus gebruik graag die historiese verbond met Abraham as voorbeeld vir die een ewige verbond van God (Gal 3:15-18, Rom 4:13-14 en 9:6-9). Ook hier word die Sinai-verbond nie as historiese verbond aangehaal nie, maar as tipe vir 'n heilsweg op grond van wetsvervulling. So 'n verbond moet tot slawerny lei. Die twee verbonde in Galasiërs 4 staan vir twee verskillende beginsels en hulle sluit mekaar uit.

4. Die nuwe verbond in die brief aan die Hebreeërs

In Hebreërs 8:1–10:18 gee die skrywer 'n uitleg oor die twee verbonde. In 8:6 en 9:15 word gesê dat Christus Middelaar is van 'n beter verbond en 'n nuwe verbond. Hoekom is die nuwe verbond 'n beter verbond? Omdat die beloftes van God onder die nuwe verbond wel gerealiseer sal word, terwyl dit onder die eerste verbond onmoontlik was. Die eerste verbond was nie onberispelik nie (Hebr 8:7). Onder die eerste verbond word die Sinai-verbond bedoel, maar uitsluitend met die oog op die Levitiese offer- en versoeningsdiens. Die Sinai-verbond kon nie bereik wat die nuwe verbond wel sal bereik nie, naamlik die volmaaktheid en die vergewing van sondes. Die waarde van die nuwe verbond ten opsigte van die 'ou' verbond berus dus nie op 'n ander inhoud nie, maar op die reddingskrag van die Middelaar, Jesus Christus.

Maar die skrywer sê van die Sinai-verbond dat dit verouder is en naby die verdwyning (Hebr 8:13). Beteken dit dat die 'ou' verbond verlede tyd is en dat die nuwe verbond in plaas van die 'ou' verbond gekom het? Nee, want die skrywer sê dit net vanuit 'n kultiese oogpunt. As dit gaan oor die kultiese kant van die eerste verbond, kan jy praat van verdwyning. Die kultiese kant van die Sinai-verbond is 'n skaduwee en afbeelding van die werk van Christus in die nuwe verbond. Die eenmalige offer van Christus laat die offerdiens en die priesterdiens van die eerste verbond verdwyn. Daarmee verklaar hy nie die hele Sinai-verbond as verouderd nie. Die etiese wetgewing byvoorbeeld bly ook in die nuwe verbond geldig.

In 'n tweede artikel gaan ons op grond van hierdie Skrifgegewens probeer om konklusies te trek.

Ds Jelle Drijfhout *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

ALKOHOL – ’n probleem?

Medies

Is die gebruik van alkohol werklik so 'n groot probleem? Is ons nie te eng in ons opvattings hieroor nie? Vir die een persoon is een bier te veel en vir die volgende een is 4 glase wyn aanvaarbaar! In Suid-Afrika word daar baie alkohol gebruik, ook deur die gereformeerde Suid-Afrikaner.
Alkohol is vrylik beskikbaar by tenminste 230 000 drank-afsetpunte in Suid-Afrika. Volgens die Mediese Navorsingsraad verbruik Suid-Afrikaners meer as 5 biljoen liter alkoholiese drank per jaar. 'n Ander opname deur die Wêreld-Gesondheidsorganisasie wys dat die jaarlikse gemiddelde alkoholverbruik in Suid-Afrika ongeveer 7,81 liter per persoon beloop. Hierdie vlak van verbruik plaas Suid-Afrika op die 52ste plek op 'n lys van 191 lande! Die minister van Handel en Nywerheid meen dat alkoholmisbruik ons land se ekonomie ongeveer R 9 biljoen kos, soos blyk uit o.a. werksafwesigheid, swak produktiwiteit, interpersoonlike konflik, beserings, beskadiging van eiendom, hoë werksverandering-syfer, ens. Dis opvallend dat daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n groot toename was in die gebruik van alkohol. Moontlike redes hiervoor is: stygende welvaart, advertensies en media, asook alkoholpryse wat vir ‘n lang tyd laag was.

Alkohol, dwelms en rook roep verskillende gedagtes en emosies op. By sommige mense leef die gedagte dat dwelms gevaarliker is as drank. Ander meen dat alkoholgebruik normaal is – dit gee geselligheid, dit bind mense saam in 'n ontspannende atmosfeer. Tog is dronkenskap, aggressie en kriminaliteit nie toelaatbaar by 'n Christen nie. Ouers speel ook 'n belanglike rol, naamlik hul eie gedrag asook hul mening oor hierdie kwessie. In die alledaagse lewe beïnvloed mense mekaar ook d.m.v. direkte kontak, geselligheide of indirek deur die media, soos advertensies oor drank. In baie Amerikaanse sepies asook ons eie televisieprogramme word alkohol vrylik gebruik in 'n sfeer van luuksheid en geselligheid, maar ook wanneer daar konflik heers.



Alkohol is so ingebed in ons samelewing dat ons daaraan gewoond geraak het. By ons vriendekringe, familiebyeenkomste, verjaarsdae, Sondag-kuiers, 'n braai, ens. word daar alkohol gebruik. Daar is 'n soort verwagting, dis abnormaal as jy dit nie gebruik nie – dis oral vrylik beskikbaar. Ondersoeke het getoon dat die aanleer van alkoholgebruik tussen die ouderdomme van 12 en 16 plaasvind. Van hulle leer dit tuis en ander by familie of vriende. Ook gebruik mans alkohol op ‘n vroeër ouderdom as vrouens en hulle drink ook meer as vrouens. Oormatige gebruik, bv. dronkenskap en vandalisme, kom ook meer by mans as by vrouens voor. Prof. Van Bruggen skryf in sy artikel in *De Reformatie* van Maart 1991 of ons ons nie dalk met ons alkoholgebruik in 'n epidemiese situasie bevind nie. Die indruk bestaan dat ons alkoholgebruik as normaal beskou en dit nie meer so krities beskou nie.

Redes vir die gebruik van alkohol is:

1. Lusbevrediging – belewing van plesier met die gebruik hiervan.
2. Versagting van pyn en spanning soos eensaamheid, angs, stres, frustrasie, slaaploosheid, gevoel van leegheid en onmag, skuldgevoelens.
3. Jeug se redes – dis gesellig, dis lekker na 'n harde dag se werk, ek praat dan makliker, as ons iets vier, ek slaap makliker, uit verveeldheid, uit gewoonte, my pa doen dit ook, groepsdruk.

Alkohol is 'n psigotrope-middel – dit het 'n effek op die bewussyn van mense, nl. 'n verlaging. Na 5 minute word dit uit die maag deur die bloedstroom opgeneem. Een eenheid bevat 8 gram alkohol – bv. een bier, een glas wyn en een sopie hardehout. Dit word baie vinnig gemetaboliseer omdat dit nie verteer word nie. Die lewer kan ongeveer een eenheid van alkohol in 'n uur metaboliseer. Indien daar te veel alkohol in die sisteem is, sirkuleer dit eers in die liggaam totdat die lewer dit kan akkommodeer; dis dan dat die res van die liggaam geaffekteer word – sien aangehegde skets.

Wat is die Bybelse perspektief? God het in Sy wysheid die Bybel gegee as 'n boek vol beloftes, maar ook van opdragte en riglyne vir ons as gelowiges en vir ons lewe. Wyn het in die Bybel 'n besonderse simboliese betekenis by die laaste nagmaal. Hier is die brood en wyn tekens van God se heil. Op baie plekke in die Bybel kom daar tekste voor waar wyn 'n positiewe betekenis het, bv. as voedingsmiddel, as verdowingsmiddel gemeng met mirre (Mark 15:23), as geneesmiddel (Luk 10:34 en 1 Tim 5:23), as 'n middel om te offer (Lev 23:13,18 en 37), om te troos (Spr 31:6), en as uitdrukking van vreugde (Ps 104:15). Die bekende gedeelte van die bruilof in Kana (Joh 2) wys dat baie wyn die teken was van komende heil en oorvloed van heil – dit is simbolies vir die oorvloedige goedheid van die lewe nou reeds in die verbond, saam met Christus, en in die krag van die Heilige Gees. `n Oormaat wyn word egter nie goedgepraat nie. Daar word verskeie kere in die Bybel gewaarsku teen dronkenskap, bv. in Efesiers 5:18 – "moenie dronk word van wyn nie, daarin is losbandigheid, maar word met die Gees vervul."

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat hulle eendag die wyn nuut sal drink – daar is 'n belofte van 'n ewige, ryk lewe op die nuwe aarde, saam met Christus. Dis nie sonder betekenis dat die Here daar in Kana goeie wyn en baie wyn gemaak het nie. Die Here is nie suinig met sy seëninge nie. Dit sê vir sy dissipels dat almal wat in Hom glo en in Hom lewe, 'n ryk en vol lewe sal smaak.

Mag ons as gelowiges verantwoordelik en met versigtigheid met alkohol omgaan, omdat ons liggame tempels is van die Heilige Gees.

Dr DM de Jong *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

"GEEN NUWE LEER NIE"

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

In die 16de eeu, die tydperk van die groot Reformasie, is die werk en prediking van die reformatore in die Nederlande dikwels benoem as die verkondiging van "de nye lere" oftewel die nuwe leer. Ten onregte, want die reformatore het gestrewe na hervorming van die kerk, en die belangrikste element in hierdie verband was juis die terugkeer na die ou waarheid. Die leer soos dit in die Bybel vasgelê is en deur die kerkvaders van die oudheid teenoor velerlei kettery en afdwaling gehandhaaf is.
Dus geen nuwe leer nie!
Tog was die gedagte dat die hervormers `n nuwe leer gebring het, nie so vreemd nie.
Eeuelank het die Roomse kerk `n leer verkondig wat in baie opsigte van die ou Skriftuurlike leer afgewyk het. Die volk en sy leiers het so gewoond daaraan geraak dat elke verskil met hierdie vervalste leer as kettery of `nye lere' beskou is.
En die Roomse kerk het nie moeg geword daarvoor nie om die vorste daarop te wys dat die ketters `te vuur en te swaard' vervolg moes word.

En dan was daar nog iets.
In die tyd toe die groot hervormers opgetree het en hul leerlinge in die hele Europa die heerlike evangelie weer in sy volheid verkondig het, was daar inderdaad ook valse leraars! Wederdopers en ander geesdrywers het met onbybelse leringe gekom en tot rewolusionêre optrede aangespoor. En hul optrede kon maar alte eenvoudig as `bewys' geld vir die bewering dat die hervormingsbeweging `n groot gevaar vir kerk en staat was.
Merkwaardig genoeg egter het ook die Wederdopery geen nuwe leer gebring nie. In hierdie beweging het talle elemente van ou ketterye, soos dié van Montanus, Donatus en Pelagius, weer op die voorgrond getree. Dit het dus ook in daardie jare heelwat onderskeidingsvermoë geverg om goed en sleg van mekaar te onderskei.

Teen hierdie agtergrond het Guido de Brès in 1561 'n geskrif aan koning Philips II aangebied. In die nag van 1 op 2 November van daardie jaar het hy dit oor

die muur van die kasteel in Doornik gegooi. Dit het inderdaad by die koning uitgekom; of hy kennis daarvan geneem het, is 'n ander vraag. Maar die gelowiges in die Nederlande het die boekie deeglik leer ken en waardeer. Reeds in 1562, hierdie jaar dus 450 jaar gelede, het die eerste Nederlandse vertaling die lig gesien. Ons ken dit deesdae nog as die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB).


CONFESSION
DE FOY,
Faicte d'vn commun accord par les fideles qui conuerſent és pays bas, leſquels deſirent viure ſelon la pureté de l'Euangile de noſtre Seigneur Ieſus Chriſt.
I. PIER. III.
Soyez touſiours appareillez à reſpondre à chacun qui vous demande raiſon de l'eſperance qui eſt en vous.
M. D. LXI.

Dit is nie die bedoeling om die inhoud en betekenis van die NGB breedvoerig te bespreek nie, maar ons wil in hierdie artikel veral aandag gee aan die invloed van die bogenoemde agtergrond op die belydenisskrif en 'n opmerklike lering wat ons uit die ontstaansgeskiedenis kan trek.

Dat De Brès duidelik in die voetspore van die kerkvaders geloop het, is duidelik uit die baie aanhalings. Dit is by die eerste lees daarvan nie altyd duidelik nie, maar eens het iemand 'n bloemlesing van verwysings na die ou kerkvaders saamgestel wat in die NGB gevind kan word. Daaruit blyk dat daar aanhalings is uit die belydenisskrifte van Nicéa en Athanasius, verwysings na die uitsprake van die konsilies van Chalcedon en Constantinopel, en dat daar tot 8 kerkvaders se geskrifte gebruik is, veral dié van Augustinus. In sy brief aan koning Philips II wat by die belydenis gevoeg is, skryf De Brès nadruklik: "Ons handhaaf en bely nie net die vernaamste punte van die Christelike geloof, vervat in die Apostoliese geloofsbelydenis en gemeenskaplike geloof, nie, maar die hele verkondiging daarvan geopenbaar deur Jesus Christus tot ons lewe, ons regverdigheid en ons saligheid, verkondig deur die Evangeliste en Apostels, beseël met die bloed van so baie martelaars, suiwer en onveranderd bewaar in die ou kerk." Daar mag geen twyfel wees nie: die Reformasie bring geen nuwe leer nie, maar staan op die spoor van die kerk van alle tye.

Dieselfde tema vind ons terug wanneer die dwaling van die Wederdopers afgewys word. Daarin is die NGB baie duidelik, maar eintlik word in dieselfde asem die Roomse leer afgewys, want in baie opsigte stoel beide op dieselfde wortel. Dit word duidelik waar dit gaan oor die Woord van God. Teenoor die Reformasie wat die absolute gesag van die Heilige Skrif bely, verleen Rome ook gesag aan die menslike tradisie soos deur die pous vasgestel en die Wederdopers steun sterk op buite-Bybelse openbarings van die Heilige Gees. Die laaste opvatting is vandag ook weer aktueel waar baie mense steun op direkte inspraak van die Gees wat hoër waardeer word as die Heilige Skrif.

Ook ten opsigte van die sakramente stry die NGB op twee fronte. Teenoor Rome word beklemtoon dat die sakramente tekens en seëls is van God se beloftes en nie die middel waardeur die genade uitgedeel word nie. Ook die getal sakramente word van die Roomse sewe teruggebring tot die Bybelse twee. Maar ook die Wederdopers dwaal hier waar hulle bely dat die gelowige in die bediening van die sakrament handelend optree. Nie die Here spreek in die sakrament nie, maar die mens. En aangesien 'n baba geen gelowige kan wees nie, word die kinderdoop afgewys. Net soos die gesag van die Skrif, word ook die betekenis van die sakramente vandag ondermyn, en dit bewys opnuut die aktualiteit van hierdie belydenisskrif.

En so sou daar meer aspekte genoem kon word, maar ons wil verder let op 'n ander besondere kenmerk. Dit gaan in die NGB om die belydenis van ons gemeenskplike geloof.
Hierdie aspek kom duidelik na vore in die ontstaansgeskiedenis van die NGB.
Reeds in 1559 het die Gereformeerde kerke in Frankyk tydens hul eerste nasionale sinode 'n belydenis vasgestel. Op versoek van die Franse kerke het Calvyn hulle gedien met 'n konsep wat op die sinode bespreek en na enkele wysigings van ondergeskikte betekenis aanvaar is.
Maar toe reeds het Guido de Brès self ook 'n konsepbelydenis gereed gehad. Inderdaad 'n konsep, want hy wou die kerke met hierdie geskrif dien en dus moes die kerke en hul voorgangers in die proses van vasstelling deel. Eers het hy die konsep na Calvyn gestuur en hom en die ander predikante van Genève se oordeel gevra. Hierdie oorspronklike belydenis het verlore gegaan en ons kan dus nie seker wees van

die teks nie. In hul antwoord het die Geneefse predikante aan De Brès die raad gegee om hom te hou by die Franse belydenis, sodat die eenheid in die geloof oor die landsgrense heen sigbaar sou wees.

Aanvanklik het De Brès hom aan die advies gehou en sy belydenis agtergehou. Maar waarom verskyn dit in 1561 dan weer? Aangesien ons nie die oorspronklike uitgawe met dié wat aan die koning aangebied is, kan vergelyk nie, kan die vraag nie met sekerheid beantwoord word nie. Dit lyk egter aanneemlik dat die verskil in omstandighede tussen Frankryk en die Nederlande die deurslag gegee het. In Frankryk was die invloed van die Wederdopers gering terwyl dit in die Nederlande sterk aanwesig was. En juis die rewolusionêre karakter van hierdie beweging was vir die Gereformeerde kerke in die lae lande 'n groot gevaar. Dit is goed moontlik dat De Brès in sy tweede konsep die Franse belydenis met aanvullings teen die Wederdopery uitgebrei het. Ook hierdie tweede konsep is aan Calvyn voorgelê. In sy antwoord betuig Calvyn: "In u belydenis het ons niks opgemerk wat nie in ooreenstemming met God se Heilige Woord en die regsinnige geloof is nie. Daarom keur ons die inhoud van harte goed."
Daar is nog 'n interessante aanvulling. Calvyn stel voor om nie te skryf dat die brief aan aan die Hebreërs van die hand van Paulus is nie, aangesien hy op grond van sekere argumente meen dat dit nie deur hom geskrywe is nie!
Maar met die goedkeuring van Calvyn is die saak vir De Brès nog nie reg nie. Die belydenis is bedoel as 'n geskrif van die kerke. En ondanks die vervolgings wat reis en vergader moeilik en gevaarlik maak, het De Brès die tweede konsep ook onder die verstrooide gemeentes versprei en om kommentaar gevra.

Eers daarna het hy sy finale teks vasgestel. Op die titel-bladsy van die eerste uitgawe kon dus tereg staan: "Gemaak met die gemeenskaplike goedkeuring van die gelowiges wat orals in die Nederlande verstrooi is, hulle wat ooreenkomstig die suiwerheid van die Heilige Evangelie van ons Here Jesus Christus wil lewe."

En so is die NGB ook deur die kerke ontvang en gebruik. Juis in die tyd van vervolging waarin verstrooide gelowiges mekaar op vreemde plekke ontmoet het, was die NGB die gemeenskaplike basis waarop die broederskap erken is.
Die eerste sinodes in die suidelike Nederlande eis dadelik instemming van die afgevaardigdes met hierdie belydenis. Ook die Konvent van Wesel het in 1568 uitgespreek dat elkeen wat tot die bediening toegelaat word, gevra sal word: "… of hy in alles ooreenkom met die leer wat in die kerk openlik onderhou word en wat in die belydenis vervat is." En ook die eerste algemene sinode van die Gereformeerde kerke in Nederland wat in Emden in 1572 gehou is, vra van die afgevaardigdes ondertekening van hierdie belydenis.
Van meet af aan was die NGB die eiendom van die kerke, en 'n uiters waardevol instrument om sowel na binne as na buite die ware leer te handhaaf.

Dr Jan W Meijer *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

’n LEWENDE HOOP

- Sending aan die rand van die stad

Sending & Evangelisasie

Daar waar jy met Britsweg die stad verlaat, aan die rand van Pretoria-Noord, begin Akasia. En dis hier waar daar in Februarie 2009 ’n nuwe sendinggemeente geplant is: in Chantelle, Orchards en Karenpark.

Vroeër was dit ’n blanke voorstad waar jong gesinne goedkoop ’n huis kon bekom. Gedurende die afgelope 10 jaar het baie swartmense ’n huis hier gekoop en nou is dit vir 90% swart. Net hier en daar loop ons nog blankes raak.
Daar is elke dag ’n lewendige gewoel van mense: busse laai skoolkinders af, taxi’s toet om voetgangers aan te moedig om nie langer met die voete te stap nie, die winkelsentrum se parkeerplekke is vol BMW’s en Mercedes’e, en teen 6 uur saans is daar baie jeug op straat. Op straathoeke het stalletjies opgeskiet waar groente en lekkers verkoop word.

Die begin

Toe ons begin het, kon ons reken op ’n paar gesinne wat lidmate van die sendinggemeentes in Soshanguve was en na Akasia getrek het. Dit was aangenaam dat daar in Junie 2009 reeds genoeg mense was om met eredienste te begin. Daarna het ‘n paar jongmense tot geloof gekom en by die kerk aangesluit. Verder het die lidmate mense wat hulle ken, by die kerk gebring.
Vanaf die begin het ek op drie dinge gekonsentreer:

1. Dissipels maak

Maar dis tog niks nuuts nie? Dit is deel van die sendingsbevel: maak dissipels.
Tog is dit ’n nuwe ding vir baie in ons land. Vir baie mense speel Jesus geen rol in hul lewens nie. Mense wil vorentoe, en is baie gefokus op hulself. Die een kerk belowe genesing, die ander hou rykdom en sukses voor as ‘n mens maar net baie geld gee; en weer ’n ander kerk vertel sy lidmate dat hulle God se seën kan verdien deur goed te doen en die wette van die Bybel te gehoorsaam.
Daar is groot verwarring omdat kerke so baie van mekaar verskil. Die regte boodskap van die Bybel is vir baie mense onbekend: God is in die sentrum. Jy is verlore en moet na Hom terugkeer om te kan lewe. Christus bied vir jou die lewe aan en jy ontvang dit deur ’n lewendige geloofsverhouding met Hom. Dit is ’n verrassende boodskap. Jy word ontsettend bly wanneer jy Christus leer ken en besef jy word uit genade, verniet, gered. Maar dit is ook ‘n radikale boodskap. Dit vra nederigheid, toewyding aan Christus met jou hele hart. Jesus roep mense om sy dissipels te word en Hom te volg. Dit is moeilik. Maar Jesus maak dit ook moontlik. Hoeveel mense verstaan egter dat hulle Hom nodig het, en vra vir sy genade en Gees?

2. Gemeenskap bou in klein groepe

Jy kan nie ’n dissipel van Jesus op jou eie wees nie. Jesus bring ons bymekaar sodat ons saam ’n liggaam word. Die Bybelse visie op die kerk is nuut vir baie mense. Dit is intensief en jy moet leer om om te gee. Daarby kom dat swartmense al klaar ’n intensiewe sosiale lewe met baie verpligtings het. Dit lyk asof dit net moeiliker raak wanneer jy by die kerk aansluit.
Maar Jesus wil ons leer om te dien en ons verander deur die kontak met mekaar. Die beste manier om dit te doen, is weeklikse kontak in klein groepe. Ons het dit vanaf die begin geïmplementeer, al was daar maar net genoeg mense vir een groep! My bedoeling is om nuwe groepe te begin wanneer die kerk groei.

3. Soek die Here

Om in Jesus te glo beteken dat jy ’n persoonlike verhouding met Hom ontvang en onderhou. Elke dag luister jy na Hom en soek jy die gemeenskap met God. Daarom bevorder ek dat almal in die gemeente elke dag die Bybel lees en tyd maak om te bid. Weer eens: geen nuwe ding nie, maar die meeste Christene wat ek ontmoet, ken dit nie. Ja, daar word baie gebid: vir beskerming, werk, kos, genesing, geld, of ’n goeie huwelik. Dit kos moeite om ’n gewoonte op te bou om eers na God te luister en dán te bid om die dinge wat vir God belangrik is: geloof, nederigheid, gehoorsaamheid, die koms van sy koninkryk. Om lidmate en besoekers daarby te help, skryf ek elke week Bybelleesstukkies. Elke dag lees hulle ’n Bybelgedeelte wat met die preek te doen het (laai voorbeelde af op http://db.tt/NPwsBHjl en http://db.tt/gNaL5XbI).

Lidmate word aangemoedig om self die Bybel te lees.

Kwesbaar

Na drie jaar is die begin van 'n gemeente sigbaar. Dit is nog maar klein: 13 lede. Maar dit is 'n Bybelse kerk! Twee klein groepe kom elke week bymekaar. Ons hou eredienste waarin ons God prys en saam groei. Ons het die begeerte om die evangelie van Christus te deel met die mense in ons omgewing. En ons begin leer om vir ander om te gee deur maaltye vir werklose mense aan te bied.

Ek is dankbaar dat die begin van 'n gemeente daar is, maar dit is ook maar klein en kwesbaar. Dertien lidmate na drie jaar: dis nie soos in die *township* nie, waar die sendinggemeentes vinnig gegroei het: 70-100 lidmate in 5 jaar.
Die stadige groei is nie 'n probleem nie. Dit is duidelik 'n ander tipe gebied met sy eie hindernisse en uitdagings. Maar wat my bekommer, is dat ek by verskeie lidmate maar min groei in geloof kan bespeur.
Op drie gebiede ervaar ek dat sendingwerk in hierdie voorstad moeisaam gaan:

1. Volharding
2. Lewe met Christus
3. Evangeliseer

Volharding: Dit was verblydend om te sien dat twee gesinne by die kerk aangesluit het, en daarna drie nuwe gesinne wou aansluit. Maar dis juis die gesinne wat baie aandag vra. Verlede jaar was daar in drie gesinne 'n krisis: 'n familielid het in die hospitaal beland en gesterwe. Mense ervaar baie stres, nie net deur die hospitaalbesoeke nie, maar ook vanweë 'n intensiewe betrokkenheid by die familie en wat van hulle gevra word. As jy 'n motor het, is jy die persoon wat jou ma hospitaal toe moet bring om haar dogter te kan besoek – al woon sy in Hammanskraal, 'n uur se ry by jou vandaan. Hoe hanteer mense die stres? Hulle is vir 'n paar maande nie by die kerk betrokke nie. Hulle beplan om terug te kom sodra die probleme opgelos is.

Dis teleurstellend wanneer dit gebeur met mense wat pas by die kerk aangesluit het. Dit lyk asof dit wat jy opbou, net so vinnig weer afgebreek word. Daar is soms maar 3 lidmate in die kerk, en daar is meer gaste uit Pretoria as lidmate. So sal die kerk nie groei nie. Mense het volharding nodig. Dit kan net kom indien hulle vir Christus ken. Hulle moet leer dat Hy sy kinders ook regtig ondersteun, juis in moeilike situasies. Juis daarom is dit so hartseer dat hulle Hom nie soek in die moeites nie. Ek moet met geduld en volharding die lidmate bly besoek om hulle te help om Christus in sy volheid te leer ken, sodat hulle in vertroue kan groei.

Hierdie **lewe met Christus** is vir die lidmate 'n nuwe ding. Dit lyk nie asof Hy help wanneer jy met probleme gekonfronteer word nie. Mense dink dat wanneer jy goed glo, jy op die seën van God mag reken en net voorspoed sal kry. Wanneer dit sleg gaan, is God seker kwaad vir jou. Of… die voorouers! Daardie tipe van denke is ook nog lewendig. En wanneer Christene self die voorouer-verering afgesweer het, kan dit gebeur dat die familie druk op hulle plaas omdat die siekte of probleme maar nie wil verdwyn nie.
Dissipels van Jesus het nie noodwendig 'n maklike lewe nie, inteendeel. Jesus belowe eintlik die teenoorgestelde: sy volgelinge kan kruisdra, verwerping, veg teen sonde en beproewings verwag. Dit is 'n groot taak om mense te help om dit te verstaan. Maar by die lidmate wat dit aanvaar, sien ek pragtige groei in dankbaarheid, lofprysing en heiliging.

Evangeliseer gaan hier baie moeisaam. Dit help nie om van deur tot deur te gaan nie. Almal is besig: hulle studeer vir 'n doktorsgraad, werk in die tuin, gaan doen inkopies of kyk televisie. Baie mense is moeg van werk en ontspan oor die naweek. Dis moeilik om afsprake te maak en mense by die huis te vind. Verder 'het' die meeste mense hier alreeds 'n kerk, in GaRankuwa, Soshanguve of die stad. Toe die Vrye Gereformeerde Kerke in Soshanguve GG, XX en WW begin het, was daar baie mense wat kontak met hul vorige kerk verloor het. Hier is dit anders. Hulle het motors om soontoe te ry.
In talle lande blyk dat in ons moderne tyd die beste manier om die evangelie te kommunikeer, is deur persoonlike kontakte. Daarom spoor ek die lidmate aan om met hul vriende en bekendes oor Christus te praat. Meerdere mense het daardeur ons eredienste besoek. Hierdie jaar wil ek 'n kursus daaroor aanbied. Verder soek ek self dikwels na geleenthede om mense te ontmoet en met hulle te praat, sodat geleenthede kan ontstaan om oor Christus te praat. Daardeur het reeds twee van ons lidmate by die kerk aangesluit.

Klein groepe om gemeenskap te bou.

Tekens van hoop

Ek het hierbo moeilike kante van die sendingwerk belig. Verbaas dit jou? Het jy gewoond geraak aan afkondigings oor nuwe lidmate by die sendingge-meentes en dink jy daar is net groei en sukses? Die evangelie is anders as wat mense gewoond is, ook na 400 jaar se sending in Suid-Afrika. Maar omdat dit oor Christus gaan en ook Christus se werk is, is ek hoopvol. God sal almal wat Hy uitgekies het, na Hom toe roep en kragtig in hulle werk om vir hulle geloof te gee. En wanneer iemand die Gees van Christus ontvang, kan ons vuurwerke verwag: daar gaan 'n radikale en blywende verandering in die persoon se lewe kom!

Ek sien dit by die jongmense in ons kerk. Hulle is tussen 20 en 30 jaar oud. Hulle is gelowig en toegewyd. Al is die groep klein, hulle gaan aan met hulle Bybelstudies en onderneem selfs om die gesinne te besoek en te bemoedig.
Een man uit Zimbabwe se lewe is nie regtig 'n suksesverhaal nie. Nadat hy sy werk verloor het, staan hy elke dag langs die pad en wag vir 'n 'piece job'. Hy het 'n moeilike lewe, maar vir my en die ander lidmate wat werk het, is hy 'n voorbeeld van geloof. Hy groei omdat hy self in die Bybel lees. Hy verslind die kursus wat vir hom 'n oorsig van die Bybel gee. En hy sê: 'Ek gaan nou reeds 40 jaar kerk toe, maar nou leer ek eers die Bybel ken!' Ek bid dat Christus meer mense soos hy vir ons gee.

Ons gemeente het verlede jaar 'n naam gekies. Dit is uit 1 Petrus 1:3 afkomstig, waar die gemeente van Christus 'n lewende hoop genoem word. As gelowiges het ons hoop, omdat Christus vir ons sondes gesterf het en nou sy lewe met ons deel. Hy maak 'n nuwe gemeenskap van ons. Ons lewe nou vir God en sy liefde woon in ons. So word ons 'n lewende hoop te midde van mense wat net aan hulself dink.
Ek verwag baie van die genade en die krag van God.

Ds Dirk-Maurits Boersma *is sendeling in Akasia, noord van Pretoria.*

'n UITNEMENDE DOEL

Sending & Evangelisasie

Die volgende (vertaalde) brief is aan 'n bekende evangelis in Amerika gestuur. Kan 'n mens dit net afskryf as selfregverdiging? Of het die persoon tog 'n punt beet?

My friend, I stand in judgment now, and feel that you're to blame somehow. On earth I walked with you by day, and never did you show the way.	My vriend, ek staan nou voor die oordeel En ek voel dat jy ook deel in die skuld. Op aarde het ek jou as vriend gehad, Maar nooit het jy my die regte pad gewys.
You knew the Savior in truth and glory, But never did you tell the story. My knowledge then was very dim. You could have led me safe to Him.	Jy het die Redder geken in waarheid en glorie, Maar nooit het jy vir my die storie vertel. My kennis toe was baie min, En jy sou my veilig na Hom kon bring.
Though we lived together, here on earth, you never told me of the second birth. And now I stand before eternal hell, because of heaven's glory you did not tell!	Ons het op aarde saam gelewe En nooit het jy my laat weet van die ewige lewe. Nou staan ek voor die ewige hel, Want van die hemelse glorie het jy my nooit vertel!

Ek reken die eerste vraag wat opduik is: Sou ek regtig skuldig kon wees aan iemand se ewige lewe of verdoemenis? As die antwoord ja is... Dit sou 'n verskriklike las op ons Christenskap plaas. Dit kan vergelyk word met die Jehova-getuies se werksaksie. En as die antwoord nee is? Wel, dan het ons seker 'gearriveer', ek moet net my plekkie warm hou. Dit lyk dus vanuit ons menslike oogpunt dat nie een van die twee opsies 'n baie goeie antwoord is nie. Maar dan het ons nog nie met God se regverdigheid en genade rekening gehou nie.

"Sou ek regtig skuldig kon wees aan iemand se ewige lewe of verdoemenis?"

Die ware stand van sake

Ons weet uit die Bybel dat ons almal verdoem sou wees as dit nie vir God se genade deur Christus Jesus was nie. Ons almal se lewe sou op dieselfde uitgeloop het as die skrywer van die brief s'n. Die mens skiet eindeloos tekort in sy doel waarvoor God ons geskape het, naamlik om Hom dien en eer te betoon. Meer nog, ons is van nature geneig om opstandig teen ons Skepper te wees. Die mens besef baie keer nie eens meer dat daar 'n Skepper is nie! *"Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie." Romeine 3:12...*

Wat sal dan die reaksie van die almagtige Skepper wees? Aangesien ons almal, sonder uitsondering, teen ons Skepper gesondig het, is dit Sy regverdige reg om ons te veroordeel. Ons staan dus sonder enige verontskuldiging voor God se troon. Ons kan niemand anders die skuld gee buiten onsself nie. Kan 'n mens pleit op grond van onwetendheid, soos die skrywer hierbo impliseer? Sekerlik nie! God se grootheid is geskrywe in die skepping; van die ontelbare sterre en planete, tot die mikroskopiese wêreld waar al ons tegnologie nie diep genoeg kan sien nie. *"Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;..." Romeine 1:20*

"God se grootheid is geskrywe in die skepping"

Slegs uit genade

Terwyl dit ons eie skuld is dat ons as mens veroordeel moet word, is dit Christus se "skuld" dat ons gered kan word. Hoe groot is God se genade! En hoe groot Christus se offergawe! Daar is dus uitkoms! Ons hoef nie 'n skuldenaar te gaan soek nie. Ons hoef nie die skuld op iemand anders te probeer plaas nie. Inteendeel, deur ons skuld te erken en Christus se offergawe te aanvaar, is ons vrygemaak van ons skuld. En God kom ons hiermee te hulp deur sy Gees wat ons die krag gee om die genade te aanvaar. *"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag." Johannes 6:44*

Maar hoe sal hulle dit weet?

Hoe het ons self tot die besef van God se genade gekom? As dit vanselfsprekend was, sou die hele mensdom tog gered wees? Of is dit alles in God se hande? Die meeste van ons is so geseënd om dit "van nature" by ons ouers, die skool en die kerk te geleer het, terwyl die Heilige Gees ons die oortuiging en krag gegee het om dit te glo. En dis ook hoe God dit as die norm gestel het: deur die eenvoud van die Woord, bekragtig deur die Gees. *"Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!" Romeine 10:14, 15*

Geen mens dra die skuld vir 'n ander se veroordeling voor God nie, net soos ons nie vir Adam en Eva die skuld kan gee nie. Maar elkeen van ons mag wel deel hê in iemand se redding! Deur ons woord en werk, met God se seën daarop, mag ons deel daaraan hê om iemand te red van veroordeling. Is dit nie 'n wonderlike voorreg dat God ons so wil gebruik in Sy koninkryk nie? Ons woorde en dade in mense se lewens kan bydra tot ewige waarde in God se koninkryk, waar roes en diewe dit nie kan aanraak nie. Wat 'n uitnemende doel om na te strewe! Laat ons daarom almal God se Woord uitdra in die omgewing waar God ons geplaas het.

Br Adriaan Aartsma *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Sperdatum vir die volgende uitgawe van *KOMPAS:*

11 April 2012

DAVID ATTENBOROUGH en die OOGWURM

Kuns & Kultuur

Blue Planet of ***Planet Earth*** lui waarskynlik by baie van u 'n klokkie. Hierdie filmreekse vertoon uitsonderlike mooi beelde van die wonders van die natuur. Selfs mense wat normaalweg nie geneig is om 'n natuurfilm te kyk nie, sal hierdeur tot verwondering gewek word. 'n Mens word saamgevoer na die hoogste watervalle, donkerste grotte, digste oerwoude en diepste seë. Baie van die beelde is uniek en nog nooit voorheen op film vasgelê nie.

In die reeks ***Blue Planet (2001)*** word in agt 50 minute-episodes die verskillende aspekte van die mariene lewe ondersoek. Deur middel van onderwater-fotografie word beelde gewys van gediertes wat nog nooit voorheen verfilm of selfs gesien is nie. Blou walvisse is gevolg en so is hul migrasie-roetes, wat voorheen onbekend was, verfilm. Die sardientjie-wedloop, 'n moordwalvis wat 'n gryswalviskalfie vang, 'n witdoodshaai – dit is maar enkele van die vele hoogtepunte wat gesien kan word. Die filmspan gaan met 'n tipe duikboot 'n paar kilometer diep onder die see in. 'n Mens sien skepsels wat 'n mens nooit eers gedink het bestaan nie. As agtergrond is pragtige musiek gebruik wat spesiaal vir die reeks gekomponeer is.

***Planet Earth (2006*)** is die grootste en duurste dokumentêre reeks oor die natuur wat nog ooit vir televisie gemaak is. Om dit te vervaardig, is daar deur 71 kamera-operateurs in 204 plekke in 62 lande op al 7 kontinente gefilm. In die reeks is daar onder andere 'n sneeuluiperd in Pakistan besig om te jag, desperate leeus in Botswana wat 'n olifant in die nag jag, kamele in die Gobi-woestyn besig om sneeu te eet, piranhas, grotte wat nog nooit verfilm is nie, en nog vele meer.

Hierdie twee televisiereekse pas in 'n lang tradisie van BBC-produksies waaraan Attenborough saamgewerk het. Hy is die bekendste vir die skryf en aanbied van die Life Series: ***Life on Earth (1979), The Living Planet (1984), The Trials of Life (1990), Life in the Freezer (1993), The Private Life of Plants (1995), The Life of Birds (1998), The Life of Mammals (2002), Life in the Undergrowth (2005), Life in Cold Blood (2008), First Life (2010).*** Hy is die verteller in die volgende reekse: ***Wildlife on One (1977–2005), BBC Wildlife Specials (1995–2008),The Blue Planet (2001), Planet Earth (British version) (2006), Nature's Great Events (2009), Life (2009), Frozen Planet (2011).*** Die meeste van hierdie reekse is later op DVD uitgegee.

David Attenborough

David Attenborough is in 1926 in Londen gebore. Van kindsbeen af het hy 'n belangstelling in die natuur en veral in fossiele en klippe getoon. Hy het in Cambridge geologie en dierkunde gestudeer. In 1952 het hy by die BBC betrokke geraak en vir jare televisieprogramme oor die natuur gemaak. Die feit dat hy sy werk altyd baie ernstig opgeneem het en gebruik maak van die nuutste navorsing, het hierdie televisieprogramme hoog in aansien laat styg. Die programme het kyksyfers van 8 tot 10 miljoen per keer getrek. Deur sy lang loopbaan het Attenborough na elke denkbare uithoek van die wêreld gereis om sy program te maak. Daar word gesê dat David Attenborough waarskynlik die persoon is wat al op die meeste plekke op aarde was. Attenborough het baie erkenning vir sy werk ontvang. So het hy 29 eredoktorsgrade van Britse universiteite gekry, die meeste wat nog ooit aan 'n Britse burger toegeken is.

Die *Evangelische Omroep* in die moeilikheid

Al kykende na hierdie pragtige films raak 'n mens diep onder die indruk van die Skepper. Die natuur is nog ongelooflíker en wonderliker as wat 'n mens ooit sou kon vermoed. Dit is steurend dat die eer daarvoor dan nie aan God gegee word nie. Alles sou by toeval en oor miljoene jare so ontwikkel het. 'n Mens kan nie help om te wonder of 'n ateïs nie tog ook maar aan sy "geloof " sal twyfel as hy hierdie indrukwekkende beelde te sien kry nie. As 'n mens sien hoe ongelooflik alles gemaak is en aangepas is aan die omgewing, lyk die teorie dat dit alles toevallig sou ontstaan het, al hoe meer ongeloofwaardig.

Die Nederlandse Christelike uitsaaistasie die *Evangelische Omroep (EO)* het blykbaar ook so gedink. Hulle het van die reekse deur Attenborough by die BBC aangekoop, maar met die vertaalslag na Nederlands sekere dinge verwyder. Al die verwysings na evolusie, miljoene jare, afstamming van ape, ens. is uitgelaat. Dit het hewige reaksie in Nederland ontlok van bioloë wat wel in die evolusie glo. Attenborough het hulle bygeval. Die EO is uiteindelik nie beboet nie, aangesien in die aankoopkontrak vasgelê is dat hulle geregtig was om 'n bepaalde persentasie uit die film te sny met die oog op hulle TV-uitsendings.

Dat Attenborough sterk voel oor sy geloof in die evolusieteorie, blyk ook uit die feit dat hy een van die

ondertekenaars is van 'n petisie wat oproep om 'Kreasionisme uit die skoolkurrikulum te verban en evolusie meer wydverspreid in skole te onderrig'.

Die oogwurm

Wanneer aan Attenborough die vraag gestel word of sy waarneming van al die wonders in die natuur hom in 'n Skepper laat glo, antwoord hy gewoonlik met die volgende staaltjie:

"As Kreasioniste praat oor 'n God wat alles geskep het, dink hulle gewoonlik aan suikerbekkies,of orgideë, sonneblomme en pragtige dinge. Maar ek dink dan aan 'n parasitiese wurm wat besig is om deur die oog te boor van 'n seun wat op 'n rivier-oewer êrens in Wes-Afrika sit. Die wurm gaan hom blind maak. Dan vra ek: 'Vertel julle vir my dat die God waarin julle glo, wat volgens julle 'n genadevolle God is, wat vir ons elkeen persoonlik sorg, glo julle dat God hierdie wurm gemaak het? Hierdie wurm wat op geen ander manier kan lewe nie as in die oogbal van 'n onskuldige kind?'

As vrae soos hierdie aanleiding vir David Attenborough gee om nie te glo nie, is dit miskien vir ons ook waardevol om daarby stil te staan. Die vraag na die lyding in die wêreld is 'n universele vraag wat baie mense besig hou. Die voorbeeld van die oogwurm is baie dramaties, maar die wêreld is vol van dinge wat vir ons onverklaarbaar of wreed is. Dink maar aan alle siektes en rampe waaronder die skepping sug. In Tim Keller se boek ***The reason for God*** spreek hy daardie vrae aan wat ongelowiges as redes aanvoer vir die ontkenning van God. In die hoofstuk *How Could a Good God Allow Suffering?* skryf hy spesifiek oor hierdie onderwerp:

1. Die feit dat daar lyding bestaan, is nie 'n bewys teen die bestaan van God nie. Die feit dat ons nie kan insien wat die nut daarvan is nie, beteken nie dat daar nie tog 'n doel daaragter is nie. As ons in 'n God glo wat groter as ons is en wat ons verstand te bowe gaan, is dit selfs nog meer voor-die-hand-liggend dat ons nie alles wat Hy doen, sal kan verklaar nie.
2. Juis die feit dat sekere dinge vir ons wreed of verkeerd lyk, wys dat ons tog glo dat daar iets is soos reg en verkeerd. As ons net die produk van evolusie was, sou dit tog vir ons goed wees as die swakker skakels van die samelewing sou doodgaan, juis om die voortgang van die sterkeres te bevorder. Hoe kan die mens universele uitsprake maak oor goed en kwaad as dit nie gebaseer is op iets wat groter as onsself is nie?
3. Al weet ons nie die antwoord op die vraag waarom God dit toelaat dat die kwaad en lyding voortduur nie, weet ons wel dat dit nie is omdat Hy ons nie liefhet nie. Jesus Christus het meer gely as wat ons as mense ooit kan ly, juis om eendag 'n einde te kan maak aan ons lyding. Juis in sy lyding is Hy ook Immanuel – God met ons.
4. Ons weet nie altyd die antwoord op die waarom-vraag betreffende lyding nie. Tog glo ons dat dit nie verniet is nie. Ons glo in die opstanding na die dood en die herstel van alle dinge.

Omgewingsbewustheid

In Attenborough se programme word daar dikwels aandag gegee aan die impak van die mens op die natuur. So word in die laaste episode van ***The living Planet*** volledig gefokus op die mens se vernietiging van die natuur.

In ***State of the Planet*** sê hy:

"*Die toekoms van die lewe op aarde is heeltemal afhanklik van ons vermoë om aksie te onderneem. Ons het 'n taak om hierdie planeet in 'n gesonde toestand aan volgende generasies oor te dra."*

Attenborough sien menslike oorbevolking as die kernprobleem van die meeste omgewingsprobleme. In ***The life of Mammals*** pleit hy by mense om bevolkingsgroei te beperk sodat die ander spesies nie verdring sal word nie. Hy is ook beskermheer van die organisasie ***Populatian Matters***, 'n organisasie wat hulle beywer teen oorbevolking.

Hy het ook al 'n keer by geleentheid beweer dat die boek Genesis grondliggend is aan baie omgewings-probleme. In Genesis word volgens hom gesê dat die aarde daar is om deur die mens geregeer te word. Dit het generasies mense geleer dat hulle die natuur kan domineer en dit het gely tot vernietiging van groot gedeeltes van die natuur. Dit is vir hom een van die redes waarom hy so 'n sterk voorstander is van Darwinisme.

Alhoewel 'n mens as Christen kan saamstem dat die mens verantwoordelik is om die natuur te beskerm en te bewaar, weet ons dat die toekoms van die aarde nie in ons hande is nie. Alhoewel ook Christene in die verlede en ook vandag nog miskien te min stilstaan by die impak wat hul lewenswyse op die natuur het, is dit nie reg om die grondrede vir hierdie houding net in die kultuuropdrag in Genesis te sien nie. Sou dit nie eerder die mens se materialisme en hebsug wees wat aanleiding gee tot uitbuiting ten koste van die natuur nie? As 'n mens glo in die "*survival of the fittest",* behoort 'n mens mos juis nie 'n probleem te hê as een spesie homself bevoordeel ten koste van 'n ander nie?
Ons leer in die NGB art. 2 dat ons God deur die Woord asook in die skepping kan leer ken. Daar is seker min van ons wat die kans sal kry om kilometers diep onder in die see te kan gaan kyk na die vreemde gediertetjies daar. Of die sneeuluiperd hoog in die Himalaja-berge in lewende lywe ooit sal ontmoet. Niemand sal waarskynlik ooit saam met 'n skool spinnerdolfyne kan duik of die geduld hê om te sien hoe 'n plantjie stap vir stap uit 'n saadjie ontwikkel nie. Ons sal gelukkig nie die donker poolnag hoef te trotseer om te kan sien in watter barre omstandighede die keiserpikkewyne hul eiers uitbroei nie. Hierdie pragtige filmreekse gee ons die geleentheid om dit alles wel te kan aanskou en so nog meer onder die indruk van ons Skepper te kom. Dan is dit 'n ekstra gemis dat in die filmreeks die eer nie gegee word aan Wie dit toekom nie.

Sr Jenny Boon *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

POST-BELYDENIS-Kamp 2012

Onderhoude & Verslae

Die post-belydenis-kamp, wat op 24 en 25 Februarie by die Hoekie in Pretoria plaasgevind het, is deur ongeveer 50 lidmate van beide die Pretoria-gemeentes bygewoon. Die tema van die kamp was: "Die Charismatiese beweging". Daar was drie lesings wat hiermee verband gehou het. Die res van die kamp is ingevul met 'n Chinese braai, kampvuur-kuier, 'n bergklim-Bybelstudie en vlotbou.

Vrydagaand het ds Jelle Drijfhout 'n oorsig oor die geskiedenis van die Charismatiese beweging gegee. Hy het 'n paar belangrike datums genoem. Reeds in **220 nC** het Montanus as profeet van die Heilige Gees opgestaan. Daarna (**1600's**) was dit die Wederdopers en die Spiritualiste wat gemeen het dat die Hervorming nie ver genoeg gegaan het nie. Hulle wou die regstreekse openbaring van die Gees ervaar. Die hele beweging was soekend na vernuwing. In **1703-1791** leef John Wesley, wat die vader van die Metodiste geword het. Hy het gesê dat 'n mens se bekering deur intense fases ervaar word. Wesley het 'n groot invloed gehad op die Holiness Movement van **1867**. Hierdie *Heiligheidsbeweging* het op die sigbaarheid van geloof gefokus, op dade en die opwekking daarvan. Hulle beweer dat 'n Christen deur sy beoefening van Christenskap uiteindelik die sonde kan oorwin en dus sondeloos kan word. In **1905** kry ons die Pinksterbeweging, wat ooreenkomste toon met die Holiness Movement. Hulle doop met die Heilige Gees as 'n tweede doop en lê sterk klem op die gawes van die Gees. In die **1960's** kry ons die Charismatiese beweging. Dis 'n baie wye beweging wat nie beperk is tot een denominasie nie. Hulle wil in hul onderskeie kerke vernuwing bring. In die verskillende Charismatiese bewegings is daar baie verskille in die leer. Hul teologiese fondament is egter stewiger as die voorafgaande Pinksterbewegings s'n. Hulle is op 'n manier minder radikaal as die voorgangers; tongetaal word aangemoedig, maar is nie 'n voorwaarde nie; hulle ondersteun nie die leer van sondeloosheid nie; hulle waardeer en gebruik strukture en hulle het meer sosiale en politieke deelname.

Die kenmerke van Charismatiese gemeentes is dat hulle baie aandag op die Heilige Gees toespits. Daar moet gestreef word na die gawes van die Heilige Gees. Ook word daar sterk klem gelê op jou gevoel en ervaring. Die eenheid in ervaring van die Heilige Gees word vervolgens belangriker as die leer. Daar word ook baie aandag gegee aan die gebed deur gebedsbedienings en lofprysings. Hulle bedien die geloofsdoop wat bekering en die ontvang van die Heilige Gees omvat.

Hoekom is hierdie beweging aantreklik? Eerstens word die gevoel beklemtoon. Jou geloof kom tog tot uiting deur jou blydskap. En jou blydskap maak jy sigbaar in musiek, in persoonlike getuienis en ander gawes. Ons lewe in 'n emosie-kultuur waar emosie

beklemtoon word op televisie en ander media. Die kerk daarteenoor is te verstandelik, te styf. Tweedens is daar die wil tot mondigheid, die verantwoordelikheid om op te staan vir wat jy glo. Derdens is die individualisering aanloklik, want jou geloof raak jou persoonlik. Op hierdie manier kan jy praat oor wat Jesus vir jou doen. Vierdens lewe ons in die era van verbruikerswese: die vraag is – wat kan ek hieruit kry? Gaan soek wat jy wil hê by 'n kerk. Die vyfde punt is die verlange na 'n gemeenskap. Die strukture in 'n gevestigde kerk kan te formeel wees en skreiend teenoor die warmte staan. Ook is daar die radikaliteit van die bekeringsboodskap wat jongmense direk aanspreek. Die sewende punt is die eenvoud van die preke – die boodskappe is verstaanbaar en toepasbaar in die lewe. Laastens is die werklikheid van God se heil reeds vir vandag. God belowe oorwinning, groei, genesing, ens. As jy werklik glo, kan jy hier op aarde die ondenkbare bereik.

Die tweede lesing was: "Skrifgebruik in die Charismatiese Beweging" deur ds Erik van Alten.
Allereers is die gemeenskaplike grond geïdentifiseer: die erns met die Woord van die Here. Hierdie gemeenskaplike grond, die Woord, maak dat ons 'n fondament het vir gesprek – ons kan mekaar net aanspreek deur die gesag van die Woord.
Die "Inerrancy"-beweging was die reaksie op Skrifkritiek. Hierdie "Foutloosheid"-beweging aanvaar dat die Bybel foutloos is. Hierteenoor maak gereformeerdes die onderskeid tussen foutloosheid en onfeilbaarheid. Ons het dus nie 'n Bybel sonder tegniese foute nie, maar 'n logiese en korrekte openbaring van God. Die kern is die egtheid van die beloftes en dit vra geloof. Daar is ook verskille in hoe ons die Bybel lees. By die Charismate is daar 'n soeke na meer van die Gees wat los van die Skrif staan. Is dit moontlik? Is God se Gees en Woord so nou verbonde dat ons die Gees geen beweegruimte meer gee nie? Ons sien in Johannes 16:13-15 dat God Homself aan die Woord verbind het. Jesus is God se volle openbaring. Die Gees getuig van Christus. Daarom kan ons die Gees in die Bybel soek. Meer van die Gees word vervol-gens dus smag na meer as die Woord.
Bybeltaal teenoor Bybelwoorde. Hier word onderskeid gemaak hoe die Bybel gelees word: in sy konteks of op 'n meganies-letterlike manier? Dit is baie belangrik dat 'n mens die konteks betrek en die teks binne die verband verklaar. Jesus Christus is die eenheid in die hele Ou en Nuwe Testament, Hy is die hoeksteen waarop alles gebou word.

Tydens die laaste en derde lesing was ds Drijhout weer aan die woord met die wyer tema: "Die Heilige Gees". Daar is gelet op die vervulling van die Gees en die gawes van die Gees. Die onderliggende vraag was: verwag ons te min van die Gees?
Om 'vervul' te word met die Heilige Gees beteken dat Hy jou beheer (Ef 5:18). Hy lei jou en jy wandel deur die Gees. "Doop met die Heilige Gees" beteken dat Jesus ons onderdompel met die Heilige Gees (in plaas van met water). Die onderdompeling wys op die oorvloed, "die strome van lewende waters". Wat is dus die verskil tussen die Heilige Gees en die doop met die Heilige Gees? (Eseg 36) Wat die doop simboliseer, doen die Heilige Gees. Die Charismate maak onderskeid tussen 'kom tot geloof' en 'word gedoop' en 'vervulling met die Heilige Gees'. Geloof beteken om die werkende Gees in jou te hê. 'Vervul' beteken dat die Gees in jou woon, dat jy vol is daarvan. Hierdie onderskeid is on-Bybels, omdat ons slegs deur gebed en geloof in Jesus kan groei om meer verwagtend van die Gees te wees. Wat kan ons dus verwag van die vervulling met die Heilige Gees? Kom ons gaan terug na Esegiël – God belowe dat Hy, nadat die volk hul rug op God gekeer het, sy Gees sal gee; Hy sal hulle harte dus verander. Die Heilige Gees gee ons 'n nuwe hart om God te gehoorsaam en te eer. Hy vergewe ons sonde en maak sy beloftes waar in ons lewe.
Hoe kan ons vol word van die Gees? Deur te bid (Luk 11:13) en om te groei in Jesus, wat sal lei tot 'n groter verwagting van die Heilige Gees (Joh 7).
Die gawes van die Gees is opgenoem na aanleiding van Romeine 12:6-8, 1 Korinthiërs 12:18, 1 Korinthiërs 12:28, Efesiërs 4:11 en 1 Petrus 4. Dis ongelooflike baie geskenke! Die gereformeerde "streepteologie" trek die streep na die dood van die apostels en verklaar dat die gawes van die Gees net vir die begintydperk van die kerk nodig was. Die Charismatiese kritiek hierop is: waar staan dit in die Bybel? En: mag ons die Gees voorskryf hoe om te werk te gaan?
Dikwels het die tekens wat deur die apostels gedoen is, saamgegaan met die verspreiding van die evangelie. Maar die Gees gee gawes wanneer Hy wil en niemand kan dit beperk of dwing nie. Ons het gekyk na verskillende voorbeelde uit die Nuwe Testament wat handel oor tongetaal, gawe van genesing en profesie.

Die lesings op die kamp was inleidend en het slegs 'n klein gedeelte gedek van die gesprekke wat ons DV hierdie jaar tydens post-belydenis-klasse gaan voer. Na afloop van die lesings was daar nog tyd vir vrae en bespreking. Die kamp is in alle vrolikheid deur 'n vlotbou-aksie afgesluit. Dit was leersaam en beslis vir herhaling vatbaar – ons het juis besluit dat die volgende kamp by die see moet wees.

Sr Annemarie Bijker *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Van PASGA tot NAGMAAL

Gesin & Opvoeding – vir die jonger jeug

Julle ken natuurlik almal die verhaal van Mattheüs 26:17-30. Die Here Jesus stuur vir Petrus en Johannes om die Pasga te gaan voorberei. Die Here Jesus sê nie waar hulle die Pasga moet voorberei nie. Dit moet 'n geheim bly. Die Here Jesus wil graag nog saam met sy dissipels die Pasga vier voordat Hy vir die sonde van die mense moet sterf. Met hierdie maaltyd het die Here Jesus die nagmaal ingestel en het Hy vertel wie Hom sou verraai.

Wat is die Pasga eintlik? Die Pasga is ingestel net voor die tiende plaag in Egipte, net voordat die volk uit Egipte kon trek. Ons lees dit in Exodus 12: Op die tiende van die maand Abib (later word die maand Nisan genoem) moet die volk vir elke gesin (of 'n paar gesinne saam) 'n jaaroud lam kies, sonder gebrek. Dit moet in bewaring gehou word tot die veertiende van die maand. Dan moet dit geslag word; die bloed moet aan die bo-drumpel en deur-poste gestryk word. Vir die Jode is gesê hoekom: dan sal die engel nie by hulle in die huis kom om hulle oudste seun te dood nie. Dié nag moet hulle die lam braai en eet, saam met ongesuurde koeke en bitter kruie. Die maaltyd moet haastig geëet word, met die heupe omgord, skoene aan hulle voete en staf in die hand.

THE DESTROYING ANGEL PASSING THROUGH EGYPT.

Die pasga is 'n herinnering van hoe
God die Israeliete uit die slawerny
van Egipte gelei het.
Die Paasfees is 'n herinnering van hoe
Christus ons van die slawerny
van die sonde bevry het.

Die Here het vir die Jode gesê dat hulle elke jaar die Pasga moet vier. Die Pasga moes die Israeliete daar-aan herinner hoe God hulle uit die slawerny van Egipte gelei het. Die bitter kruie dui op die swaarkry in Egipte. Die ongesuurde brode, heupe omgord, skoene aan hulle voete en staf in die hand wys hoe haastig hulle was om uit Egipte te kom. Wanneer die Israeliete die Pasga vier, moet die kinders vra wat dit alles beteken. (Ex 12:24 e.v.; Deut 6:20 e.v.)

Met die viering van die Pasga word hulle herinner aan iets wat gebeur het, maar dit wys ook na die toekoms. Die lam, sonder gebrek, wat geslag moet word, dui op Christus. In Egipte het die bloed van die lammetjie wat op die deurposte gestryk is, die oudste seuns van die dood gered. Hoe het die bloed die eersgeborene gered? As daar geen bloed op die deurposte was nie, het die Engel van die HERE al die eersgeborenes in daardie huis gedood. As daar wel bloed aan die deurposte was, het die Engel van die HERE die huis verbygegaan. Met die instelling van die Pasga is die volk Israel van die slawerny bevry. Die bloed van die Lam red ons van die ewige dood. Ons is van die slawerny van die sonde bevry. Paulus verwys in 1 Korinthiërs 5:7 na die suurdeeg tydens die Pasga. Omdat die Paaslam (Christus) vir ons geslag is, moet ons die ou suurdeeg suiwer. Dit beteken ons moet die sonde uit ons lewe weer.
Dan kom 'n nuwe deeg te voorskyn, 'n deeg sonder suurdeeg (sonde). Ons kan dus sê dat die Paasfees die vervulling van die Pasga is. Ons vier daarom nou geen Pasga meer nie, maar die fees wat in die plek daarvan gekom het, nl. Paasfees. Ons dink dan daaraan dat Christus vir ons sondes gesterf het, ons is van die slawerny van die sonde bevry.

Ek het die artikel begin met die verhaal van die Pasga wat die Here Jesus met die dissipels gevier het (Matt 26:17-30). Tydens die Pasgaviering het die Here Jesus die nagmaal ingestel. As ons kyk hoe die Isra-eliete die Pasga gevier het, sien ons ooreenkomste met die nagmaal.

Hoe is die Pasga dan gevier? Tydens die Pasga is daar 4 bekers wyn gedrink, volgens die beloftes wat God in Exodus 6:5-7 gee: Hy sal hulle uit Egipte uitlei, red, verlos en hulle tot Sy volk aanneem.

Daar is vier bekers wyn tydens die Pasga gedrink:
Eerste beker: "Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei",
Tweede beker:
"julle red uit hulle slawerny",
Derde beker: "Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm",
Vierde beker: "Ek sal julle as my volk aanneem".
(Exodus 6:5-7)

Die Pasgamaaltyd begin met die drink van die eerste beker wyn (simbool vir: "Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei"), terwyl die Pasga-fees geheilig word. Daar is 'n voorgereg van bitter kruie en vrugte. Die kinders vra hoekom dit vanaand so anders is. Dit word dan aan hulle verduidelik: "Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei" (Deut 6:21).

Dan is dit die beurt van die tweede beker wyn (simbool vir: "julle red uit hulle slawerny"). Psalms 113 en 114 word gesing en 'n seën word oor die wyn uitgespreek. Hierna volg 'n tafelgebed deur die vader vir die maaltyd. Daar word lekker geëet van die lamsvleis, ongesuurde koeke, bitter kruie en vrugte. Die derde beker (simbool vir: "Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm") word gedrink met 'n dankgebed vir die maaltyd. Hierna word die deur vir Elia oopgemaak en weer toegemaak. Die Jode het geweet dat die Pasga na Christus se offer wys. Volgens Maleagi 4:5 sal Elia die voorloper van Christus wees. As hulle die deur oopmaak, beteken dit dat hulle Elia verwag. Daarna word die vierde beker (simbool vir: "Ek sal julle as my volk aanneem") gevul. Dan word Psalms 115-118 en Psalm 136 gesing, waarna die wyn gedrink en 'n dankgebed uitgespreek word.

Nou kyk ons weer na Mattheüs 26. Die Here Jesus en die dissipels vier die Pasga. Aan die begin van die fees vertel die Here Jesus dat een Hom gaan verraai, en dan verlaat Judas die saal (Matt 26:21-25). Terwyl hulle die maaltyd van lamsvleis, ongesuurde koeke, bitter kruie en vrugte eet, doen die Here Jesus iets wat anders nooit gebeur nie. Hy neem 'n stuk ongesuurde koek en dank. Die tafelgebed is nog normaal, maar dan breek die Here Jesus die brood en sê: "Neem, eet, dit is my liggaam" (Matt 26:26). 'n Rukkie later doen die Here Jesus weer iets vreemds. Die maaltyd is verby, dis tyd vir die derde beker en die dankgebed. Die Here Jesus deel die beker rond en sê: "Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes" (Matt 26:27,28). Die derde beker was simbool vir die verlossing uit Egipte en word nou simbool vir verlossing van die sondes. In 1 Korinthiërs 11 : 24, 25 lees ons dat die Here Jesus ook gesê het dat ons dit tot sy gedagtenis moet doen. Ons moet dus gereeld hierdie maaltyd, wat ons nagmaal noem, vier. Tydens hierdie laaste Pasgaviering sing die Here Jesus en die dissipels die lofsang (Psalms 115-118 en 136) en daarna gaan hulle na die Olyfberg toe (Matt 26:30). Die vierde beker wyn word dus nie meer gedrink nie. Dit kon op daardie tydstip nog nie. Die vierde beker is simbool dat God ons tot sy volk sou maak. Dit sou gebeur wanneer vir ons verlossing betaal is, dus na Getsémané. Ons sal dit saam met Christus drink in die Koninkryk van sy Vader (Matt 26:29).

Mattheüs 26:29 :
"Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader."

Sr Heleen Snijder *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

BOEKENUUS

Waar staan dit in die Bybel? / Hennie de Klerk

A-Z: meer as 400 geloofsvrae en antwoorde



Waar staan dit in die Bybel? Hoe maklik vergeet ons 'n teks, vers of gedeelte in die Bybel waarna ons dalk, op enige tydstip, wil verwys in ons eie persoonlike Bybelstudie, of wanneer ons in 'n gesprek betrokke raak. Dikwels kom daar 'n vraag soos byvoorbeeld: "Wat sê die Bybel oor hierdie saak?"; "Wat sê die Bybel oor die verhouding tussen man en vrou, of ouer en kind, of tussen 'baas en klaas'?"; "Verbied die Here werklik homoseksuele gedrag?" en dan kan hierdie boek help. Die groot waarde van hierdie boek is dat 'n mens net alfabeties kan soek, en dan 'n kort uiteensetting kan kry wat jou verder terug na die Bybel lei om die groter konteks te lees. Voorbeeld:

Aanneem	Neem ons die Here aan?	Ps. 27:10. My vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem. Joh. 6:37. Elkeen wat die Vader vir my (Jesus Christus) gee sal na my toe kom, en Ek sal hom nooit verwerp nie. Joh. 6:44. Niemand kan na My toe kom nie as die Vader wat my gestuur het, hom nie na My toe trek nie...

(161 bladsye – R130)

Regina dei gratia / Clarence Stam

The history of Queen Esther

Ds Stam bespreek in hierdie boek die boodskap en die betekenis van die boek Ester. Alhoewel die Naam van God nie een maal in die boek Ester genoem word nie, is God se leiding van sy volk wel duidelik sigbaar. Hoe die pad na die verlossing deur Jesus Christus oopgehou word. Hoe die weg voorberei word vir die geboorte van die Messias. Die groot KONING is aan die kom!
(96 bladsye – R 95)

'n BOEK VIR DIE JEUG VAN 9 TOT 90!

Die groot Afrikaanse heldeboek / Pieter W Grobbelaar

Hierdie bekende kultuurhistorikus se heldeboek bevat gunstelingverhale oor onder andere bekende helde soos Racheltjie de Beer, Sjaka, Dirkie Uys, Wolraad Woltemade en Klara Majola. "Soos ek deur die geskiedenis gedwaal het, het ek op mooi verhale afgekom waarvan in hierdie boek vertel word: ou bekendes waarvoor 'n mens al liewer word hoe meer jy dit hoor, maar ook ander wat verrassend nuut was. Daar is die doodveragters, soos Sjaka en Carolus Trichardt. Daar is die getroues, trou aan hul plig, trou aan hulself: Ruiter, Hansie Smal, Guillaume du Toit. Daar is die lieflikes soos Wolraad Woltemade, Dirkie Uys, Racheltjie de Beer en Klara Majola."
Dit was 'n hele paar jaar lank dat Grobbelaar al skrywende met die mense van sy land die heldepad geloop het – al die mense van sy land, omdat hy met opset nie net die heldedade van sy volk beskryf nie. Hy het helde en heldedade op verskillende maniere benader: soms van buite, soms van binne, soms deur die oë van 'n buitestander.
(224 bladsye – R 150)

Mini-Bijbel-Memo

'n Prettige kaartspeletjie om die geheue te stimuleer. Bestaan uit 15 stelle van twee kaarte elk.
(R 45)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

www.folmerboek.com

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Laseandralaan 115, Môregloed, 0186
Tel: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net
Tel/faks: 012 543 3597

Ons het Christus gekruisig!

<u>Hy droech onse smerten</u>

T'en zijn de Joden niet, Heer Jesu, die u cruysten,
Noch die verradelijck u togen voort gericht
Noch die versmadelijck u spogen int gesicht,
Noch die u knevelden, en stieten u vol puysten,
T'en zijn de crijchs-luy niet die met haar felle vuisten
Den rietstock hebben of den hamer opgelicht,
Of het vervloeckte hout op Golgotha gesticht,
Of over uwen rock tsaem dobbelden en tuyschten:
Ick bent, o Heer, ick bent die u dit heb gedaen,
Ick ben den swaren boom die u had overlaan,
Ick ben de taeye streng daermee ghy ginct gebonden,
De nagel, en de speer, de geessel die u sloech,
De bloedbedropen croon die uwen schedel droech:
Want dit is al geschiet, eylaes! Om mijne sonden.

Deur: Revius
Uit: ***Over-Overysselsche sangen en dichten***, 1634.

(Vertaling in Afrikaans, sonder rym en die sonnetvorm)

Dis nie die Jode wat U gekruisig het nie, Here Jesus,
Ook nie dié wat U verraai en voor die gereg gesleep het nie, Ook nie hulle wat u veragtelik in die gesig gespoeg het nie, Of hulle wat U so seergemaak en vol bulte gestamp het nie.
Dis nie die soldate wat met hulle harde vuiste U met 'n riet geslaan het, en met 'n hamer die vervloekte hout op Golgota ingeslaan het, of wat oor u kleed die lot gewerp het nie.
Dis ek, o Heer, dis ek wat U dit aangedoen het, Ek is die sware kruis wat hulle op U gelaai het, Ek is die knellende tou waarmee U vasgebind is. Die spyker, en die spies, die gesel wat U geslaan het, Die kroon vol bloed wat U op u skedel gedra het, dit het alles gebeur as gevolg van my sondes.

Hierdie gedig vol skuldbesef is geskryf deur Revius, oftewel Jacobus Reefsen. Hy was 'n predikant in Deventer, Nederland (1586-1658). Sy gedigte word gekenmerk deur ootmoed. Sy doel is om God se eer te besing. Hy loof God ook vir sy werk van herskepping van die gevalle mens. Die middelpunt van sy werk en lewe is Christus en sy kerk. Hy was in sy dae op teologiese en geskiedkundige gebied 'n invloedryke man. Daarby 'n besielde digter. Hy het ook 'n Psalmberyming gemaak.
Die onderwerpe waaroor hy skryf, weerspieël die bewoë tyd waarin die kerk verkeer het. In Deventer moes hy 'n felle stryd teen die Remonstrante stry. Hy rig menige stryddig teen Spanje en Rome, aartsvyande van die kerk. Revius is later "regent" aan die Teologiese Universiteit van Leiden. Daar word hom die mond gesnoer omdat hy die leer van Descartes, vader van die Rasionalisme, openlik bestry het. Die duiwel sit nooit stil nie.
In Revius se tyd is sy gedigte nie hoog gewaardeer nie. Die gewone kerkvolk het sy Renaissance-styl 'n bietjie te moeilik gevind, hoewel die inhoud Calvinisties was. Sy digbundels het geen herdrukke beleef nie. Eers in die 19e en 20e eeue word Revius se werk weer meer bekend. Hy was 'n profeet in sy tyd. 'n Broeder in die geloof. Vandag kan ons met 'n bietjie moeite sy gedigte verstaan, en die ryke inhoud daarvan geniet.

Sr Truus Boon *is lidmaat van Vrye Gereformeerde kerk te Johannesburg.*

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R60
RSA per hand : R120
RSA per pos : R160
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is.
Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
  Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
  pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Hoëveldlaan 17, Bethal
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds JJ Drijfhout :**
  21ste Laan 934, Rietfontein; sel 072 556 9872
  jj.drijfhout@vgk.org.za
- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H,
  Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530;
  tel 021 910-3152 / sel 084 023 8239; emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182, Pretoria
  tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186, Pretoria
  tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186, Pretoria
  tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152;
  tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid;
  tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412
- **Ds CA van Wyk**
  Eikelaan 1, Rustdal, Blackheath 7580
  tel 021 905-3512 / cvanwyk@webafrica.org.za